

**‘N MAATSKAPLIKEWERK-ONDERSOEK
NA DIE AARD EN IMPLIKASIES
VAN DIE SOGENAAMDE
“WENSLIKHEID VAN VERVOLGING”
-VERSLAG**

Elizabeth Maria Vergottini

2006

**‘N MAATSKAPLIKEWERK-ONDERSOEK NA
DIE AARD EN IMPLIKASIES VAN DIE
SOGENAAMDE “*WENSLIKHEID VAN
VERVOLGING*”-VERSLAG**

deur

Elizabeth Maria Vergottini

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van
die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in

MAATSKAPLIKE WERK

aan die

**Noordwes-Universiteit
(Potchefstroomkampus)**

Studieleier:
Prof. M.L. Weyers

Kroonstad
Maart 2007

DANKBETUIGINGS

SOLI DEO GLORIA

Alle eer en waardering aan my Hemelse Vader wat my die vermoë gegee het om hierdie navorsing te onderneem en te voltooi.

My opregte dank aan almal wat op een of ander wyse bygedra het tot die voltooiing van hierdie studie.

In die besonder dank aan:

- My man Leon – sonder jou ondersteuning en motivering was die voltooiing van hierdie navorsing nie moontlik nie.
- My seuns, Leo en Ferdi – julle onvoorwaardelike liefde is prysloos.
- My ouers, Pa Pieter en Ma Elize en skoonouers, Pa Koos en Ma Mandy – dankie vir julle aanmoediging en vertrouwe in my.
- Prof Mike Weyers – dankie vir die professionele, bekwame studieleiding en altyd vriendelike bereidwilligheid om te help.
- Al die personeel van die Departement van Justisie te Kroonstad, Vereeniging en Potchefstroom wat betrokke was by die ondersoek – dankie vir die voltooiing van die vraelyste en tyd wat aan my toegestaan is met die onderhoude.
- Mnr Johan Botha – vir die taalversorging van hierdie verhandeling.

Vir die drie mans in my lewe – Leon, Leo en Ferdi

Julle is my inspirasie

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS	I
INHOUDSOPGAWE	II
<i>LYS VAN TABELLE</i>	<i>iv</i>
OPSOMMING	V
' <i>N MAATSKAPLIKEWERK-ONDERSOEK NA DIE AARD EN IMPLIKASIES VAN DIE SOGENAAMDE "WENSLIKHEID VAN VERVOLGING"-VERSLAG</i>	<i>v</i>
SUMMARY	VI
<i>A SOCIAL WORK INVESTIGATION INTO THE NATURE AND IMPLICATIONS OF THE SO-CALLED "DESIRABILITY OF PROSECUTION" REPORT</i>	<i>vi</i>
AANBIEDING VAN NAVORSINGSRESULTATE	VII
AFDELING 1: DIE METODOLOGIESE VERANTWOORDING VAN DIE ONDERSOEK... 1	
1. AKTUALITEIT VAN DIE ONDERSOEK	1
2. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE	3
3. SENTRALE TEORETIESE STELLING	3
4. AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK	4
5. METODE VAN ONDERSOEK	4
5.1 Die navorsingsontwerp	4
5.2 Die navorsingsprosedure	5
5.2.1 Stap 1: Literatuurstudie.....	5
5.2.2 Stap 2: Ontwerp en toetsing van die data-insamelingsinstrumente.....	5
5.2.3 Stap 3: Verkryging van inligting via die vraelyste en onderhoude	6
5.2.4 Stap 4: Verwerking van data en voltooiing van die navorsingsverslag.....	6
5.3 Die respondente.....	6
5.4 Die data-insamelingsinstrumente	6
5.4.1 Die vraelys	7
5.4.2 Die onderhoudskedule	7
5.5 Dataverwerking	8
5.6 Etiese aspekte	8
6. BEGRIPSOMSKRYWING	9
6.1 Afwending.....	9
6.2 Proefbeampte en aanverwante begrippe.....	9
6.3 "Wenslikheid van vervolging"-verslae.....	10
7. BEPERKINGE VAN DIE ONDERSOEK	10
8. AANBIEDING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE	10
AFDELING 2: DIE TYDSKRIFARTIKEL	12
' <i>N MAATSKAPLIKEWERK-ONDERSOEK NA DIE AARD EN IMPLIKASIES VAN DIE SOGENAAMDE "WENSLIKHEID VAN VERVOLGING"-VERSLAG</i>	<i>13</i>
Abstract	<i>13</i>
1. INLEIDING	13
2. DIE AGTERGROND VAN DIE ONDERSOEK	14
3. DIE STATUTÊRE BEGRONDING VAN DIE AFWENDING VAN VOLWASSENES	15
4. NAVORSINGSONTWERP EN -PROSEDURE	16
4.1 Doelstellings.....	16
4.2 Afbakening van die ondersoek	16
4.3 Die navorsingsprosedure	17
4.4 Die respondente.....	17

4.5	Die data-insamelingsinstrumente en verwerking	18
5.	BEVINDINGE	18
5.1	Houdings jeens die afwending van volwassenes.....	19
5.2	Die doel van die afwending vir volwassenes	20
5.3	Kriteria vir die seleksie van volwasse oortreders.....	22
5.4	Mate waartoe huidige verslae aan verwagtinge voldoen.....	26
5.5	Die voorgestelde struktuur en inhoud van verslae.....	28
6.	BEVINDINGE EN RIGLYNE	30
7.	SLOTOPMERKINGS	32
	BIBLIOGRAFIE	32
AFDELING 3: GEVOLGTREKKINGS, RIGLYNE EN AANBEVELINGS		34
1.	INLEIDING	34
2.	GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE NAVORSINGSONTWERP EN -PROSEDURE	35
3.	GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE DOEL VAN AFWENDING VIR VOLWASSENES	35
4.	GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE KRITERIA VIR DIE AANVRA VAN DIE “WENSLIKHEID VAN VERVOLGING” -VERSLAE VIR VOLWASSENES	36
5.	GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE VERWAGTINGE VAN DIE INHOUD VAN DIE “WENSLIKHEID VAN VERVOLGING”-VERSLAG	38
6.	GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE DAARSTELLING VAN FUNKSIONEEL DOELTREFFENDER “WENSLIKHEID VAN VERVOLGING”-VERSLAE	39
7.	BEVINDINGE	40
8.	RIGLYNE EN AANBEVELINGS	40
9.	SLOTSOM	41
AFDELING 4: ADDENDUMS		42
ADDENDUM 1: DIE VRAELYS		43
ADDENDUM 2: DIE ONDERHOUDSKEDULE		50
ADDENDUM 3: REQUIREMENTS SET BY THE JOURNAL: <i>THE SOCIAL WORK PRACTITIONER-RESEARCHER</i>		55
ADDENDUM 4: GOEDKEURINGSBRIEF VAN DIE ETIESE KOMITEE		58
ADDENDUM 5: BRIEF VAN DIE TAALKUNDIGE		59
OORKOEPELENDE BIBLIOGRAFIE		60

LYS VAN TABELLE

AFDELING 1

Tabel 1:	Profiel van die respondente	6
Tabel 2:	Samestelling van die vraelys	7
Tabel 3:	Samestelling van die onderhoudskedule.....	7

ARTIKEL

Tabel 1:	Houding jeens die benutting van ' <i>wenslikheid van vervolging</i> '-verslae en afwending vir volwassenes	19
Tabel 2:	Doel van afwending vir volwassenes: vraelys.....	20
Tabel 3:	Doel van afwending vir volwassenes: onderhoudskedule	21
Tabel 4:	Seleksie-kriteria: Tipe individu wat oorweeg kan word.....	23
Tabel 5:	Seleksie-kriteria: Tipe misdrywe wat oorweeg kan word	24
Tabel 6:	'n Opsomming van misdrywe wat tydens seleksie in- en uitgesluit behoort te word.....	25
Tabel 7:	Die mate waartoe huidige verslae aan verwagtinge voldoen: Vraelys	26
Tabel 8:	Die mate waartoe huidige verslae aan verwagtinge voldoen: Onderhoude.....	27
Tabel 9:	'n Gradering van die inligting wat in die verslag ingesluit kan word.....	29

OPSOMMING

‘N MAATSKAPLIKEWERK-ONDERSOEK NA DIE AARD EN IMPLIKASIES VAN DIE SOGENAAMDE “WENSLIKHEID VAN VERVOLGING”-VERSLAG

Sleutelterm:

Afwending, Afwendingsprogramme, Verslagskrywing, Vervolging, Voorverhoorfase

Agtergrond: Vanweë die toename van misdaad in Suid-Afrika en die kommerwekkende hoeveelheid misdadigers wat in oorvol gevangenis geakkommodeer moet word, word daar op ‘n deurlopende basis druk op howe geplaas om alternatiewe tot gevangenisstraf te ondersoek en te implementeer. In hierdie verband word die sogenaamde “*wenslikheid van vervolging*” -verslag en gepaardgaande afwending ten opsigte van jeugdige algemeen deur howe landswyd benut en is dit geensins onbekend nie. Daar het egter ‘n tendens ontstaan dat sommige howe ook toenemend sogenaamde “*wenslikheid van vervolging*” -verslae ten opsigte van volwassenes aanvra terwyl ander nie bewus van die benutbaarheid daarvan en van die afwending van volwassenes is nie. Hierdie toedrag van sake het onder andere aanleiding gegee tot onsekerheid onder proefbeamptes oor wat presies in hul ondersoek en gepaardgaande verslae gedek moet word en aan watter vereistes dit moet voldoen.

Doelstellings: Die primêre doel van die studie was om die aard en verwagtinge rakende die inhoud van die sogenaamde “*wenslikheid van vervolging*” -verslae vir volwasse oortreders te bepaal.

Prosedure: In die empiriese ondersoek is op landdroste en beheeraanklaers se verwagtinge rakende die verslae gefokus. In hierdie verband is drie landdroste en sewe beheeraanklaers vanuit drie dorpe in drie provinsies in sentraal Suid-Afrika by ‘n gekombineerde kwantitatiewe en kwalitatiewe ondersoek betrek.

Resultate: Vanuit die vraelyste en onderhoude het dit eerstens geblyk dat nie al die respondente bewus was van die feit dat sogenaamde “*wenslikheid van vervolging*”-verslae en afwending ook vir volwassenes benut kan word nie. Tweedens het die oorgrote meerderheid dit as ‘n meganisme met groot potensiaal beskou en het die howe waar dit reeds benut word aansienlike sukses met die implementering daarvan behaal. Die ondersoek het laastens ook verskeie riglyne vir die formulering van toepaslike “*wenslikheid van vervolging*”-verslae opgelewer.

SUMMARY

A SOCIAL WORK INVESTIGATION INTO THE NATURE AND IMPLICATIONS OF THE SO-CALLED “*DESIRABILITY OF PROSECUTION*” REPORT

Key terms:

Diversion, Diversion programmes, Report writing, Prosecution, Pre-trial phase

Background: Due to the increase of crime in South Africa and the overcrowding of correctional facilities, there has been increasing pressure on courts to find and implement alternatives to imprisonment. In this regard, the so-called “*desirability of prosecution*” reports and diversion for youths is in general use throughout the country. A new trend is, however, an increase in requests of “*desirability of prosecution*” reports for adults by some courts, while others are still unaware of their potential use and its accompanying diversion for adults. This state of affairs has caused some uncertainty amongst probation officers regarding what precisely is expected of this type of investigations and the reports that must be presented to the courts.

Objective: The primary aim of the study was to determine the nature and required content of the so-called “*desirability of prosecution*” report for adults.

Method: The empirical research focused on magistrates’ and control prosecutors’ expectations regarding the particular type of report. It utilised a combination of quantitative and qualitative research methods and involved three magistrates and seven control prosecutors from three different towns in three different provinces in central South Africa.

Results: From the questionnaires and interviews it, first of all, became clear that not all the respondents were aware of the fact that the so-called “*desirability of prosecution*” reports and accompanying diversion can also be used for adults. It, secondly, showed that the vast majority of respondents viewed it as a mechanism that showed great promise and that it has already been utilised with some success by some courts. The study also produced a variety of guideline for the compilation of such reports.

AANBIEDING VAN NAVORSINGSRESULTATE

Hierdie manuskrip word in artikelformaat voorgelê in ooreenstemming met Reëls A.11.5.3 en A.11.5.4 soos vervat in die *Jaarboek* van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) (2005). In terme van hierdie vereistes, gelees saam met die bepalings wat geld vir die gedoseerde MA(MW)-kurrikulum (Fakulteit Gesondheidswetenskappe, 2006:48), sal net een artikel ingesluit word. Dié betrokke navorsingsuitset dra 'n gewig van 10% in die totale MA-program.

In die formulering van die artikel is daar primêr van die inhoudsvereistes van die Suid-Afrikaanse vaktydskrif *Social Work Practitioner-Researcher/Maatskaplikewerk-Navorsing-Praktisyn* (sien Addendum 23) as basis gebruik gemaak. Die artikel sal egter enkele tegniese veranderinge (bv. in terme van numering en die uitleg van tabelle) moet ondergaan voordat dit vir moontlike indiening oorweeg kan word.

Toestemming is deur die mede-outeur verleen dat me. Vergottini die ingeslote manuskrip mag indien vir die doeleindes van die M.A.-graad.

AFDELING 1: DIE METODOLOGIESE VERANTWOORDING VAN DIE ONDERSOEK

1. AKTUALITEIT VAN DIE ONDERSOEK

Sogenaamde “*wenslikheid van vervolging*”-verslae ten opsigte van jeugdiges word daaglik deur Suid-Afrikaanse howe aangevra ten einde te bepaal of afwending op die betrokke oortreder van toepassing is al dan nie. Die oorsprong daarvan kan teruggevolg word na die “*Child Justice Bill*” (SA:49/2002) wat aangedui het dat elke kind wat gearresteer word deur ‘n proefbeampte geassesseer moet word. Die assessering sou dan onder sekere omstandighede ‘n assessering rakende die wenslikheid om die jeugdige te vervolg al dan nie insluit. ‘n Relatief onlangse verskynsel is egter dat sommige howe ook sodanige verslae ten opsigte van volwassenes begin aanvra. Die oorsaak hiervan is die oorvol korrektiewe inrigtings. Tans staan die tronkbevolking op meer as 160 000 terwyl daar aan die begin van 1995 minder as 117 000 gevangenis was (Du Plessis, 2006:9). Sommige howe blyk oënskynlik onbewus van die moontlikheid van afwending vir volwassenes te wees. Waar verslae wel ten opsigte van volwassenes aangevra word, bestaan daar dikwels onsekerheid by die proefbeamptes en hof funksionaris oor wat presies in die ondersoek en gepaardgaande verslae gedek moet word en aan watter vereistes dit moet voldoen. Hierdie toedrag van sake het dit noodsaaklik gemaak dat die aard van en vereistes rondom verslaggewing rakende die afwending van volwassenes verder ondersoek sal word.

Mosley (2004:1) noem dat die voorverhoorfase ‘n verskeidenheid van alternatiewe bied tot vervolging in die tradisionele sin van die woord. Ingevolge Artikel 6 van die Strafproseswet (Wet 51/1977) kan die Prokureur Generaal (tans bekend as die *Direkteur van Openbare Vervolging*), alvorens die saak voor die hof kom, besluit of voortgegaan moet word met vervolging al dan nie (Wet 32/1998). Hierdie besluit word geneem op grond van verskeie faktore. Daar kan onder andere ‘n verslag van die proefbeampte aangevra word met die oog op afwending van persone vanuit die regstelsel. Luidens die beleidsriglyne van die Nasionale Vervolgingsgesag van Suid-Afrika aan staatsaanklaers (1999:12) behels afwending dat, in geskikte en verdienstelike gevalle, kriminele sake op ‘n ander wyse as die normale hofprosedures hanteer kan word. Prosedureel impliseer dit gewoonlik die voorwaardelike terugtrek van ‘n klagte op voorwaarde dat die oortreder sekere programme sal deurloop en/of dat vergoeding op een of ander wyse aan die klaer/klaagster gegee word. Die hof kan in sulke gevalle ‘n verslag oor die wenslikheid van so ‘n stap van ‘n proefbeampte

aanvra. Omdat die betrokke soort verslag nie direk aan 'n spesifieke wetsartikel gekoppel is nie, het dit in regskringe die noemnaam “*wenslikheid van vervolging*”-verslag (“*desirability of prosecution report*”) gekry. Die benaming word egter reeds algemeen aanvaar soos aangedui in 'n omsendskrywe van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2001:2-3).

Uit 'n analise van verskeie definisies en omskrywings van die konsep ‘afwending’ (‘diversion’), insluitende dié van Badenhorst en Conradie (2004:115), Nieman (1998:16) en Wood (2003:1), het dit geblyk dat afwending samevattend beskou kan word as die kanalisering – met of sonder voorwaardes – van *prima facie* sake weg van die strafregtelike sisteem af deur van alternatiewe opsies gebruik te maak. Die kanalisering kan op 'n voorverhoorvlak of 'n voorvonnisvlak plaasvind en dus voor arrestasie, aanklag, pleit, die hofsitting of vonnisoplegging geskied. Aldus Badenhorst en Conradie (2004:115) sluit die gepaardgaande voorwaardes 'n waarskuwing, verwysing na die welsynsisteem, deelname aan sekere programme en/of herstelling en vergoeding in. Die betrokke voorwaardes kan dus ook rehabilitasie-oogmerke nastreef. Die verwagting is egter dat die betrokke behandelingsprogramme op elke individu se unieke behoeftes en omstandighede sal fokus.

Volgens Nieman (1998:16) impliseer afwending dat die persoon nie 'n kriminele rekord kry nie en dus dan ook nie gestigmatiseer word deurdat hy/sy met die strafregtelike sisteem te doen gekry het nie. Muntingh en Shapiro (*in* Nieman, 1998:16) noem voorts dat dit nie afwending se doel is om oortreders minder aanspreeklik of verantwoordbaar te maak vir hul aksies nie. Dit is eerder 'n geleentheid vir die oortreder om te rehabiliteer sonder om met 'n kriminele rekord te sit.

Daar kan uit die voorafgaande tot die gevolgtrekking gekom word dat afwending in beginsel die toepaslike opsie is wanneer vervolging nie in die beste belang van die oortreder, die slagoffer, die strafregtelike sisteem *en* die gemeenskap is nie. In die bepaling of hierdie beginsel in 'n spesifieke geval nagekom kan word, speel die ondersoek en verslag van 'n proefbeampte 'n kardinale rol.

Volgens Artikel 4(1) van die Wysigingswet op Proefdienste (Wet 35/2002) sluit die pligte van proefbeamptes die volgende in:

- die ontvangs, assessering en verwysing van 'n beskuldigde en die lewering van vroeë ingrypingsdienste en –programme, met inbegrip van bemiddeling en familiegroepkonferering;
- die ondersoek na die omstandighede van 'n beskuldigde en die verskaffing van 'n *voorverhoorverslag wat aanbevelings doen rakende die wenslikheid van vervolging*, al dan nie (kursief deur outeur).

Tot dusver in die praktyk was die betrokke voorverhoorverslae hoofsaaklik tot jeugdiges beperk. Daar kon ook min inligting in Suid-Afrikaanse literatuur oor die afwending van volwassenes gevind

word. Dit ten spyte van die feit dat in sy definisie van afwending, die Nasionale Vervolgingsgesag (1999:12) geensins afwending slegs tot jeugdiges beperk nie. Hulle vermeld ook in hul *Beleidshandleiding* dat, alhoewel afwending primêr vir jeugdiges aangewend word, dit wel met betrekking tot ander programme aangewend kan word (Nasionale Vervolgingsgesag, 1999:12). In die publikasie "*Handy Hints for Prosecutors*" (Collopy, Daffue, Krige, Matzke, Pickett, Sibeko, Phoshoko & Mulea, 2001:79), word ook aangedui dat afwending gewoonlik vir jeugdiges benut word, maar in uitsonderlike gevalle wel vir volwassenes benut kan word. Daar word egter nie aangedui wat onder 'uitsonderlike gevalle' verstaan word nie en dit wil voorkom asof die bepaling hiervan aan die diskresie van individuele landdroste en beheeraanklaers oorgelaat word.

Die voorafgaande situasie het dit nodig gemaak om via navorsing te bepaal wat die aard en konteks van die sogenaamde "wenslikheid van vervolging"-verslae is. Daar behoort dan ook spesifiek op volwasse afwending gefokus te word. In die besonder sal die volgende vier navorsingsvrae beantwoord moet word:

- Wat is die doel van die afwending van volwassenes?
- Wat is die kriteria en prosedure van die aanvra en voorsiening van die verslag?
- Wat is die verwagtinge wat die Departement van Justisie van die verslae koester?
- Hoe behoort sodanige verslag daaruit te sien ten einde funksioneel doeltreffend te wees?

2. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

Die oorhoofse doel van hierdie ondersoek is:

om die aard en verwagtinge rakende die "wenslikheid van vervolging"-verslae vir volwasse oortreders te bepaal.

Om hierdie doelstelling te bereik, is vier doelwitte nagestreef. Dit was naamlik:

- om die doel van afwending vir volwassenes te bepaal,
- om die kriteria vir die aanvra van die verslae vas te stel,
- om die Departement van Justisie se verwagtinge rakende die inhoud van die verslae te bepaal, en
- aan die hand van die voorafgaande, riglyne vir daarstelling van toepaslike verslae te formuleer.

3. SENTRALE TEORETIESE STELLING

In die onderhawige ondersoek sal daar van die volgende uitgangspunt uitgegaan word:

dat daar onduidelikheid rakende die inhoud en benutting van sogenaamde "wenslikheid van vervolging"-verslae vir volwasse oortreders bestaan wat uitgeklaar moet word.

4. AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoek was slegs verkennend van aard. Daar was gevolglik streng afbakening ten opsigte van die tipe respondente wat betrek is, die onderwerpe wat aangeraak is en die geografiese area wat gedek sou word.

Die ondersoekgroep is eerstens afgebaken tot hof funksionaries wat 'n deurslaggewende rol in die aanvra van "*wenslikheid van vervolging*"-verslae speel. Dit is naamlik landdroste en beheeraanklaers. Die rede waarom ander potensiële rolspelers uitgesluit is, is in die spesifieke fokus van die ondersoek geleë. Die sentrale onderwerp wat aangeraak wou word, is die betrokkenes se houding jeens die afwending van volwassenes en veral die gepaardgaande verwagtinge wat bestaan rakende die inhoud van die betrokke tipe verslae.

Die ondersoek is derdens tot die landdroshowe van Kroonstad, Vereeniging en Potchefstroom beperk. Die rede vir hierdie keuse was dat al drie geografies in sentraal Suid-Afrika val, maar in drie afsonderlike provinsies (te wete die Vrystaat, Gauteng en Noord-Wes) geleë is. Daar kon dus maklik vir potensiële verskille in die interpretasie van beleid en prosedures van drie van Suid-Afrika se nege provinsies gemaak word sonder om die ondersoekgebied noodwendig baie groot te maak.

Aanvanklik sou een landdros en drie beheeraanklaers per hof betrek word. In twee van die dorpe was daar egter slegs twee beheeraanklaers aangestel en kon daar net van hul insette gebruik gemaak word.

5. METODE VAN ONDERSOEK

In die hieropvolgende uiteensetting van die metode van ondersoek sal daar slegs op sekere kontekstuele fasette van die navorsingsontwerp en -proses gefokus word. Meer spesifieke besonderhede oor die respondente, meetinstrumente en verwante aangeleenthede sal in die artikel - wat die kern van die navorsingsverslag uitmaak - vervat word.

5.1 DIE NAVORSINGSONTWERP

Deurdat die benutting van "*wenslikheid van vervolging*"-verslae vir volwassenes 'n nuwe fenomeen is, is daar besluit om in die onderhawige ondersoek net van verkennende navorsing gebruik te maak. Die navorsingsprosedure, ondersoekgroepe en meetinstrumente is so gestruktureer dat dit by hierdie ontwerp sou pas.

5.2 DIE NAVORSINGSPROSEDURE

Die navorser se uitgebreide ervaring as proefbeampte en voorsiener van “wenslikheid van vervolging”-verslae kan tot ‘n groot mate as die voorondersoekfase van die navorsing beskou word. Dit het as oriëntering tot die navorsingsterrein gedien en met die afbakening daarvan gehelp. Dit was gevolglik moontlik om na die aanvanklike literatuurstudie bykans onmiddellik met die empiriese ondersoek te begin. Die totale proses het uit vier stappe bestaan.

5.2.1 Stap 1: Literatuurstudie

Daar is as eerste stap ‘n omvattende literatuurstudie onderneem na die aard en benutting van afwending en die algemene vereistes waaraan die gepaardgaande verslae moet voldoen. Die bronne wat hiervoor geraadpleeg is, sluit in boeke, vaktydskrifte, verhandelings en proefskrifte, die NEXUS, Social Sciences Index en Social Work Abstracts databasisse, ander databasisse op die internet en die katalogus van die Ferdinand Postma Biblioteek (Noord-Wes Universiteit). Vanweë die statutêre aard van die betrokke tipe verslae, is verskeie Suid-Afrikaanse wette en die beleidsriglyne en ander dokumentasie van die Departement van Justisie en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling ook nagegaan.

5.2.2 Stap 2: Ontwerp en toetsing van die data-insamelingsinstrumente

In die ondersoek is daar van twee data-insamelingsinstrumente of hulpmiddels gebruik gemaak. Dit was naamlik ‘n posvraelys en onderhoudskedule.

‘n Konsep-posvraelys is na aanleiding van die literatuurstudie ontwerp en opeenvolgens aan ‘n onafhanklike beoordelaar en ‘n terreindeskundige voorgelê (vgl. Delpont, 2002:177). Die vraelyste is na aanleiding van die nodige taalkundige en inhoudsaanpassing gefinaliseer (sien Addendum 1). Die tipe misdrywe wat ingesluit is in die posvraelys is geselekteer op grond van ‘n onafhanklike beheeraanklaer wat dit as die mees algemene misdrywe geïdentifiseer het waarmee daaglik te doen kry. In die posvraelys word egter wel die geleentheid aan die respondente gebied om ander misdrywe aan te toon wat van toepassing sou wees.

Die onderhoudskedule (sien Addendum 2) is tydens persoonlike onderhoude met die respondente benut. Dit is gebruik om hul houdings rakende bepaalde onderwerpe te verken, onduidelikhede in die data wat deur die vraelyste gegenereer is uit te klaar en voorlopige bevindinge te verifieer. Derhalwe is dit eers ontwerp nadat die vraelyste se data aan intensiewe analise onderwerp is.

5.2.3 Stap 3: Verkryging van inligting via die vraelyste en onderhoude

As derde stap is die vraelyste, na die nodige telefoniese reëlings, aan die beoogde respondente gepos. Nadat dit terug ontvang en verwerk is, is daar ter plaatse persoonlike onderhoude met die respondente gevoer.

5.2.4 Stap 4: Verwerking van data en voltooiing van die navorsingsverslag

Al die data wat deur die ondersoek gegenerer is, is laastens aan 'n volledige analise onderwerp en in die benodigde navorsingsverslag vervat.

5.3 DIE RESPONDENTE

Die respondente is op 'n gestratifiseerde, beskikbaarheidsgrondslag geselekteer (vgl. Strydom en Venter, 2002:197 - 209). Hierin is veral twee kriteria benut. Dit was naamlik die tipe pos wat die betrokke beklee het en die hof/dorp en gepaardgaande provinsie waarbinne hulle werksaam was.

Daar is besluit om een landdros en al die beheeraanklaers in drie howe/dorpe by die ondersoek te betrek. Daar is op landdroste besluit omdat hulle as kundiges beskou word en leierrolle in howe vertolk. Beheeraanklaers is geselekteer omdat dit deel van hulle posbeskrywing is om "wenslikheid van vervolging"-verslae vanaf proefbeamptes aan te vra. Saam sou die twee tipes rolspelers se sienings as verteenwoordigend van die Departement van Justisie op grondvlak beskou kon word. Die profiel van die respondente word in Tabel 1 weergegee.

TABEL 1: PROFIEL VAN DIE RESPONDENTE

DEELNEMERS	KROONSTAD	VEREENIGING	POTCHEFSTROOM
Landdroste	1 (10%)	1 (10%)	1 (10%)
Beheeraanklaers	3 (30%)	2 (20%)	2 (20%)

Soos reeds vermeld kan die drie gekose dorpe as redelik verteenwoordigend van howe in sentraal Suid-Afrika beskou word.

5.4 DIE DATA-INSAMELINGSINSTRUMENTE

Die aard en inhoud van die vraelys en onderhoudskedule wat in die ondersoek gebruik is, sal slegs kortliks in oënskou geneem word.

5.4.1 Die vraelys

Die vraelys is in lyn met die doelstelling en vier doelwitte van die ondersoek ontwerp. Dit was spesifiek daarop gemik om op 'n kwantitatiewe wyse die respondente se kennis, houdings/menings en gedrag te bepaal. Dit het uit vier oorhoofse afdelings en uit Likert-tipe vrae bestaan (sien Tabel 2 en Addendum 1).

TABEL 2: SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

AFDELINGS	FASETTE WAT GEDEK IS	VRAE
Afdeling 1	Algemene inligting	• Vraag 1 tot Vraag 5
Afdeling 2	Doel van afwending en die “wenslikheid van vervolging”-verslag	• Vraag 2.1 tot Vraag 2.3
Afdeling 3	Volwasse kandidate waarvoor die verslag aangevra kan word	• Vraag 3.1 tot Vraag 3.2
Afdeling 4	Verwagtinge aangaande die inhoud van die “wenslikheid van vervolging”-verslag	• Vraag 4.1 tot Vraag 4.2

5.4.2 Die onderhoudskedule

Die tweede instrument wat gebruik is, was die onderhoudskedule. Dit is na aanleiding van die inligting wat vanuit die vraelys verkry is opgestel en het uit sewe afdelings en 'n totaal van 17 kernvrae bestaan (sien Tabel 3 en Addendum 2). Dit is as hulpmiddel tydens persoonlike onderhoude van ongeveer 30 na 45 minute met elkeen van die respondente benut. Die betrokke onderhoude is op oudioband vasgelê en volledig getranskribeer.

TABEL 3: SAMESTELLING VAN DIE ONDERHOUDSKEDULE

AFDELINGS	FASETTE WAT GEDEK IS	VRAE
Afdeling 1	Identifiserende besonderhede	Vraag 1 tot Vraag 6
Afdeling 2	Agtergrond: ondervinding in die verlede	Twee vrae
Afdeling 3	Benutting van “wenslikheid van vervolging”-verslae vir volwassenes	Drie vrae
Afdeling 4	Volwasse kandidate waarvoor die verslae aangevra kan word	Twee vrae

Afdeling 5	Verwagtinge aangaande die inhoud van die “wenslikheid van vervolging”-verslag	Twee vrae
Afdeling 6	Die inhoud van die “wenslikheid van vervolging”-verslag vir volwassenes	Een vraag
Afdeling 7	Aanbevelings ten opsigte van verbetering van die tersaaklike dienste in Suid-Afrika	Een vraag

5.5 DATAVERWERKING

Deurdat daar slegs tien respondente was, kon al die data wat deur die vraelyste gegeneer is, per hand deur die navorser verwerk word. 'n Onafhanklike navorsingsassistent het die resultate nagegaan ten einde te verseker dat die verwerkings korrek was.

Die transkripsies van die onderhoude is deur die navorser en 'n navorsingsassistent geanaliseer. Hierin is daar per afdeling van die onderhouksedule 'n analise van die respondente se kern- en subresponse gemaak. Hierdie prosedure het dit moontlik gemaak om response te tipeer en te kategoriseer, tendense in 'n respondent se reaksies te identifiseer en korrelasies tussen verskillende respondente se reaksies vas te stel (sien die artikel).

Dit was laastens moontlik om die data wat deur beide die vraelys en onderhoude gegeneer is met mekaar in verband te stel en tot bepaalde gevolgtrekkings te kom. Dit is ook as basis vir die formulering van riglyne vir die opstel en benutting van “wenslikheid van vervolging”-verslae gebruik.

5.6 ETIESE ASPEKTE

Die totale navorsingsontwerp en -prosedure is eers vir goedkeuring aan die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit: Potchefstroomkampus voorgelê. Na hul ondersoek is etiese goedkeuringsnommer 06K11 aan die ondersoek toegeken (sien Addendum 4).

Toestemming is van elke landdroskantoor waarbinne die ondersoek geloods sou word verkry om die navorsing in die betrokke organisasie te doen. Elke potensiële respondent is daarna daarvan bewus gemaak dat hy/sy 'n keuse het om aan die ondersoek deel te neem of nie. Ingeligte toestemming is toe vanaf elke respondente bekom. Hierin is die deelnemers onder andere daarvan bewus gemaak dat alhoewel hulle besonderhede op die vraelyste en onderhouksedules aangebring word, dit nie in die navorsingsverslae vervat sou word nie. Al die tersaaklike oudiobande en dokumentasie sal ook na die voorgeskrewe tydperk vernietig word. Geen vergoeding is aan enige respondent gebied nie,

deurdat die vraelyste en onderhoude gedurende kantoorure in hul plaaslike kantore plaasgevind het en die navorser wou verseker dat die uitkomst nie deur vergoeding beïnvloed sou word nie.

6. BEGRIPSOMSKRYWING

In die navorsingsverslag is daar 'n aantal begrippe of konsepte wat deurlopend gebruik word en wat ter aanvang 'n verduideliking verg. Tensy dit uit die konteks van die aanbieding andersins sou blyk, sal die volgende konsepte deurlopend dieselfde betekenis dra.

6.1 AFWENDING

Die Wet op Proefdienste (Wet 116/1991) bevat drie begrippe en omskrywings wat met die aard van afwending te make het. Dit is naamlik die volgende:

- “**Afwending**”: afwending van die formele hofproses met of sonder voorwaardes.
- ‘**Afwendingsprogram**’: 'n program teen die agtergrond van die familie en gemeenskap-
 - (a) ten opsigte van 'n persoon wat na bewering 'n misdryf gepleeg het;
 - (b) wat daarop gerig is om daardie persoon weg te hou van die formele hofproses.
- ‘**Assessering**’: 'n proses van ontwikkelingsgerigte beoordeling of evaluering van 'n persoon, die gesinsomstandighede van die persoon, die aard en omstandighede van die beweerde pleeg van 'n misdryf, die gevolge daarvan op die slagoffer, die houding van die beweerde oortreder met betrekking tot die misdryf en enige ander tersaaklike faktore” (Wet op Proefdienste, Wet 116/1991: art. 1).

Die voorafgaande omskrywings, tesame met die sienings van onder andere Badenhorst en Conradie (2004:115) en Nieman (1998:16) is gebruik om tot die volgende omskrywing te kom wat in die ondersoek as uitgangspunt gebruik sal word:

- Die begrip ‘afwending’ verwys na die strafregtelike opsie waarin *prima facie* sake, in bepaalde omstandighede en met of sonder voorwaardes, weg van die strafregtelike sisteem gekanaliseer word.

6.2 PROEFBEAMPTEN EN AANVERWANTE BEGRIPPE

In die ondersoek sal daar deurlopend na proefbeamptes verwys word. Dié konsep sal die betekenis dra wat in Artikel 1 van die Wet op Proefdienste (Wet 116/1991) omskryf word. Dit omsluit die volgende:

- “**Proefbeampte**”: iemand wat voldoen aan die voorgeskrewe vereistes en wat kragtens Artikel 2 aangestel is” en

- “**Gemagtigde proefbeampte**”: ’n proefbeampte wat deur die Minister gemagtig of gelas is om die een of ander funksie te verrig wat kragtens hierdie Wet aan ’n gemagtigde proefbeampte opgedra word” (Wet op Proefdienste, Wet 116/1991: art. 1 betrekking tot die misdryf en enige ander tersaaklike faktore” (Wet op Proefdienste, Wet 116/1991: art. 1).

6.3 “WENSLIKHEID VAN VERVOLGING”-VERSLAE

Soos reeds vermeld, bestaan daar geen amptelike titel vir die verslae wat in die afwending van oortreders gebruik word nie. Die titel van die “wenslikheid van vervolging”-verslag wat in gebruikstaal benut word, kan waarskynlik aan die aard van die verslae en die volgende bepaling van Artikel 4(1) van die Wysigingswet op Proefdienste (Wet 35/2002) toegeskryf word:

- “Die ondersoek na die omstandighede van ’n beskuldigde en die verskaffing van ’n voorverhoorverslag wat *aanbevelings doen rakende die wenslikheid van vervolging, al dan nie* (Wysigingswet op Proefdienste, Wet 35/2002: Art. 4(1)) [kursief deur outeur].

In hierdie ondersoek sal verwysings na die betrokke tipe verslag die betekenis dra soos vervat en geïmpliseer deur die betrokke artikel van die Wysigingswet op Proefdienste (Wet 35/2002).

7. BEPERKINGE VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoek is, vanweë die verkennende aard daarvan, net tot drie kleiner sentra in drie provinsies in sentraal Suid-Afrika beperk. Dit impliseer dat die verkreeë resultate nie tot die land as geheel veralgemeen kan word nie. Die behoefte bestaan dus vir ’n opvolgondersoek wat al die sentra van Suid-Afrika op ’n ewekansige wyse sal betrek. Ten spyte van die leemtes, het die ondersoek wel belangrike indikatore van bestaande menings en probleme opgelewer en behoort die riglyne wat daaruit voortgevloei het redelik algemeen geldend te wees.

8. AANBIEDING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

In die aanbieding van die navorsingsresultate sal die artikelformaat gebruik word soos in Reëls A.11.5.3 en A.11.5.4 van die *Jaarboek* van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) (2005) vervat. In terme van hierdie vereistes, gelees saam met die bepalings wat geld vir die gedoseerde MA(MW)-kurrikulum (Fakulteit Gesondheidswetenskappe, 2006:48), sal net een artikel ingesluit word.

Die onderhawige navorsingsverslag is oorhoofs in vier afdelings ingedeel.

- In die eerste afdeling word die metodologie wat in die navorsing gevolg is, verantwoord. In hierdie verband is daar, onder andere, op die aktualiteit van die ondersoek, die gekose doelstellings en doelwitte en die aard van die navorsingsontwerp en –prosedure gelet.
- Die tweede afdeling sal die tersaaklike tydskrifartikel bevat. Die titel daarvan is “’n *Maatskaplikewerk-ondersoek na die aard en implikasies van die sogenaamde ‘wenslikheid van vervolging’-verslag*” Hierdie artikel sal as ’n **afsonderlike entiteit** gehanteer word. Dit impliseer dat baie van die inligting wat reeds in die eerste afdeling vervat is, noodgedwonge daarin herhaal sal moet word.
- Afdeling 3 sal bestaan uit die oorhoofse gevolgtrekkings, die oorhoofse riglyne wat na aanleiding van die ondersoek geformuleer kan word en aanbevelings.
- Die laaste afdeling sal verskeie addendums bevat. Dit sluit onder andere die vraelyste wat gebruik is in.

AFDELING 2: DIE TYDSKRIFARTIKEL

‘N MAATSKAPLIKEWERK-ONDERSOEK NA DIE AARD EN IMPLIKASIES VAN DIE SOGENAAMDE “WENSLIKHEID VAN VERVOLGING”-VERSLAG

Me. E.M. Vergottini is 'n maatskaplike werker in diens van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en prof. M.L. Weyers is verbonde aan die Skool vir Psigo-Sosiale Gedragwetenskappe: Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

ABSTRACT

Background: *Due to the increase of crime in South Africa and the overcrowding of correctional facilities, there has been increasing pressure on courts to find and implement alternatives to imprisonment. In this regard, the so-called “desirability of prosecution” reports and diversion for youths is in general use throughout the country. A new trend is, however, an increase in the requests for “desirability of prosecution” reports for adults by some courts. This has caused some uncertainty amongst probation officers regarding what precisely is expected of this type of investigations and of the reports that must then be presented to the courts. This need led to a scientific analysis of the current state of affairs.*

Objective: *The primary aim of the study was to determine the nature of diversion for adults and the requirements that the accompanying “desirability of prosecution” report should meet.*

Method: *The empirical research especially focused on magistrates’ and control prosecutors’ expectations. It utilised a combination of quantitative and qualitative research methods and involved three magistrates and seven control prosecutors from three towns in three different provinces in central South Africa.*

Results: *From the questionnaires and interviews it, first of all, became clear that not all the respondents were aware of the fact that the so-called “desirability of prosecution” reports and accompanying diversion can also be used for adults. It, secondly, showed that the vast majority of respondents viewed it as a mechanism that showed great promise and that, in some courts, it has already been utilised with great success. The study also produced a variety of guidelines for the selection of appropriate offenders and the compilation of reports that would meet magistrates’ and prosecutors’ requirements.*

1. INLEIDING

Die misdaadprobleem en oorvol korrektiewe sentra waaronder Suid-Afrika toenemend gebuk gaan vereis kreatiewe response. Een hiervan is afwending (‘diversion’). Dit behels basies die kanalisering van *prima facie* sake, met of sonder voorwaardes, weg van die strafregtelike sisteem af (Badenhorst & Conradie, 2004:115). Sodoende word ‘n beskuldigde die geleentheid gebied om in die gemeenskap te rehabiliteer en word die druk op korrektiewe sentra verlig.

Afwending word reeds sedert die vroeë 1990's in Suid-Afrika benut en daar is sedertdien 'n beduidende groei in die getal jeugdige oortreders wat die proses deurloop (Wood, 2003:1). Die potensiële benutting van afwending is egter nie net tot jeugdiges beperk nie. Die Suid-Afrikaanse strafreg maak daarvoor voorsiening dat die Direkteur van Openbare Vervolging via plaaslike aanklaers voorwaardelik of onvoorwaardelik klagtes teen *enige persoon* kan terugtrek. Dit sluit dus, per implikasie, ook volwassenes in. In sommige sentra word proefbeamptes in diens van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling dan ook toenemend genader om sake rakende volwasse oortreders te ondersoek en aanbevelings in hierdie verband aan die hof te doen. Daar bestaan egter geen duidelikheid oor die vereistes wat in hierdie verband nagekom en die verwagtinge waaraan die gepaardgaande “wenslikheid van vervolging”-verslae moet voldoen nie.

Die bogenoemde dilemma het tot 'n navorsingsprojek aanleiding gegee waarin daar spesifiek gefokus is op die aard van sogenaamde “wenslikheid van vervolging”-verslae vir volwasse oortreders en verwagtinge wat landdroste en beheeraanklaers daarvan koester. Die agtergrond en resultate wat deur die betrokke ondersoek opgelewer is, sal vervolgens verken word.

2. DIE AGTERGROND VAN DIE ONDERSOEK

Alhoewel daar statutêr in onder andere die Strafproseswet (Wet 51/1977: art. 6), die Wet op Proefdienste (Wet 116/1991: art. 1) en die Wysigingswet op Proefdienste (Wet 35/2002: art. 4) voorsiening vir die afwending van volwassenes gemaak word, bestaan daar bykans geen Suid-Afrikaanse literatuur wat die terrein in diepte verken nie. 'n Literatuursoektog het net twee pertinente bronne opgelewer wat in wese daarna verwys dat die afwendingsvereistes wat vir jeugdige geld ook vir volwassenes gebruik kan word. Dit is naamlik die Nasionale Vervolgingsgesag van Suid-Afrika se *Beleidshandleiding* (1991:12) en die publikasie getiteld “Handy Hints for Prosecutors” (Collopy *et al.*, 2001:79).

Benewens onsekerheid oor die spesifieke vereistes wat die afwending van volwassenes moet nakom, bestaan daar ook onduidelikheid oor die verwagtinge waaraan die gepaardgaande verslae moet voldoen. Hierdie probleem is egter nie net tot volwassenes beperk nie. In 'n ondersoek wat Steyn (2001:2-3) in die Vrystaat onderneem het, is gevind dat proefbeamptes en maatskaplike werkers ook onseker was oor die vereistes waaraan die assesseringsverslae rakende jeugdige oortreders moes voldoen. Daar bestaan derhalwe 'n daadwerklike behoefte om die vereistes waaraan “wenslikheid van vervolging”-verslae rakende volwasse oortreders moet voldoen, ook uit te klaar.

Die bogenoemde tweeledige probleem het daartoe aanleiding gegee dat beide die statutêre begroning van die afwending van volwassenes en die aanvraers se verwagtinge rakende die benodigde ondersoek en verslag in die navorsing gedek moes word.

3. DIE STATUTÊRE BEGRONDING VAN DIE AFWENDING VAN VOLWASSENES

Die statutêre begronding van die afwending van volwasse nes is veral in Artikel 6 van die Strafproseswet (Wet 51/1977) te vinde. Die artikel lui soos volg:

“Bevoegdheid om aanklag terug te trek of vervolging te staak

6. 'n Prokureur-generaal of iemand wat 'n vervolging van staatsweë waarneem of 'n liggaam of persoon wat 'n vervolging ingevolge Artikel 8 waarneem, kan
- (a) voordat 'n beskuldigde op 'n aanklag pleit, daardie aanklag terugtrek, in welke geval die beskuldigde nie op vrypraak ten opsigte van daardie klagte geregtig is nie;
 - (b) te enige tyd nadat die beskuldigde gepleit het, maar voor skuldigbevinding, die vervolging ten opsigte van daardie aanklag staak, in welke geval die hof wat die beskuldigde verhoor die beskuldigde ten opsigte van daardie geval moet vryspreek: Met dien verstande dat waar vervolging deur iemand anders as 'n prokureur-generaal of in artikel 8 bedoelde liggaam of persoon waargeneem word, die vervolging nie gestaak word tensy die prokureur-generaal of iemand deur die prokureur-generaal daartoe gemagtig, hetsy in die algemeen of in 'n bepaalde geval, daartoe ingestem het nie” (Strafproseswet, Wet 51/1977: art. 6).

Artikel 6 hou veral twee implikasies vir howe en proefbeamptes in. Dit is eerstens dat dit geen beperkinge op die ouderdom van die oortreder of die aard van die oortreding plaas nie. Tweedens dui dit aan dat afwending op 'n voorverhoorvlak of 'n voorvonnisvlak kan plaasvind en dus voor die arrestasie, aanklag, pleit, hofsitting of vonnisoplegging kan geskied. Daar word egter nie daarin spesifiek verwys na 'n verslag van 'n proefbeampte aan die hof nie. Sodanige bepaling is wel in wetgewing rakende proefbeamptes vervat.

In hierdie verband bevat die Wet op Proefdienste (Wet 116/1991) en Wysigingswet op Proefdienste (Wet 35/2002) verskeie bepalinge rakende die bevoegdhede en pligte van proefbeamptes in soverre dit afwending aangaan. Artikels 4(1)(i) en (j) van Wet 35/2002 meld spesifiek die volgende:

“Artikel 4(1)(i) Die ontvangs, assessering en verwysing van 'n beskuldigde en die lewering van vroeë ingrypingsdienste en –programme, met inbegrip van bemiddeling en familiegroepkonferering”

“Artikel 4(1)(j) Die ondersoek na die omstandighede van 'n beskuldigde en die verskaffing van 'n voorverhoorverslag wat aanbevelings doen rakende die *wenslikheid van vervolging*, al dan nie” (kursief deur outeur).

Die betrokke twee artikels impliseer onder andere dat daar van proefbeamptes verwag word om beskuldigdes se omstandighede te ondersoek, te assesser en aan die hand daarvan verslag aan die

hof te doen. Waarskynlik omdat die betrokke soort verslag nie direk aan 'n spesifieke artikel van die Strafproseswet gekoppel is nie en vanweë die wesentlike aard daarvan, het dit in regskring die benaming “*wenslikheid van vervolging*”-verslag (“*desirability of prosecution report*”) gekry.

Die wyse waarop die aard en implikasies van die betrokke tipe verslae nagevors is, word vervolgens verken.

4. NAVORSINGSONTWERP EN –PROSEDURE

Deurdat die benutting van “*wenslikheid van vervolging*”-verslae vir volwassenes 'n redelik nuwe fenomeen is, is daar in die ondersoek waarop hierdie uiteensetting gegrond is van verkennende navorsing gebruik te maak. Die doelstellings en doelwitte wat nagestreef en die prosedure wat gevolg is, sal slegs opsommenderwys weergegee word.

4.1 DOELSTELLINGS

In die navorsing is drie basiese doelstellings nagestreef. Dit was naamlik om:

- die statutêre begroning, doel en verwagtinge rakende die afwending vir volwassenes te bepaal,
- sleutelrolspelers in die Departement van Justisie se verwagtinge rakende die inhoud van die gepaardgaande “*wenslikheid van vervolging*”-verslae vas te stel, en
- aan die hand van die voorafgaande, riglyne vir daarstelling van toepaslike verslae te formuleer.

In die onderhawige is daar van die uitgangspunt uitgegaan dat daar onduidelikheid rakende die inhoud en benutting van sogenaamde “*wenslikheid van vervolging*”-verslae vir volwasse oortreders bestaan wat uitgeklaar sal moet word.

4.2 AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK

Omdat die empiriese ondersoek slegs verkennend van aard was, was daar streng afbakening ten opsigte van die tipe respondente wat betrek, die onderwerpe wat aangeraak en die geografiese area wat gedek sou word.

Die respondente het slegs bestaan uit die hof funksionaries wat 'n deurslaggewende rol in die aanvra van “*wenslikheid van vervolging*”-verslae speel. Dit is naamlik landdroste en beheeraanklaers. Die rede waarom ander potensiële rolspelers uitgesluit is, was in die spesifieke fokus van die ondersoek geleë. Die sentrale onderwerp wat aangeraak wou word, is die betrokkenes se houding jeens die afwending van volwassenes en veral die gepaardgaande verwagtinge met betrekking tot die inhoud van die betrokke tipe verslae.

Die ondersoek is derdens tot die landdroshowe van Kroonstad, Vereeniging en Potchefstroom beperk. Die rede vir hierdie keuse was dat al drie geografies in sentraal Suid-Afrika val, maar in drie afsonderlike provinsies (te wete die Vrystaat, Gauteng en Noord-Wes) geleë is. Daar kon dus maklik vir potensiële verskille in die interpretasie van beleid en prosedures van drie van Suid-Afrika se nege provinsies gemaak word sonder om die ondersoekgebied noodwendig baie uitgebrei te maak.

4.3 DIE NAVORSINGSPROSEDURE

Die navorser se uitgebreide ervaring as proefbeampte en voorsiener van “wenslikheid van vervolging”-verslae het tot ‘n groot mate as die voorondersoekfase van die navorsing gedien. Dit was gevolglik moontlik om na die aanvanklike literatuurstudie bykans onmiddellik met die empiriese ondersoek te begin. Die totale proses het uit die volgende stappe bestaan:

- Die eerste stap was om ‘n omvattende literatuurstudie na die aard en benutting van afwending en die algemene vereistes wat aan die gepaardgaande verslae moet voldoen. Dit het onder andere die nagaan van verskeie Suid-Afrikaanse wette en die beleidsriglyne en ander dokumentasie van die Departement van Justisie en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling ingesluit.
- Die literatuurstudie is toe as basis gebruik om een van die ondersoek se twee data-insamelingsinstrumente of hulpmiddels, te wete ‘n posvraelys, te ontwikkel.
- Na die nodige verifiëringsproses en telefoniese reëlings, is die vraelyste aan die beoogde respondente gepos.
- Die data wat deur die vraelyste gegeneer is, is toe as basis gebruik om die onderhoudskedule te ontwerp wat tydens persoonlike onderhoude met die respondente benut sou word. Dit is veral ontwerp om hul houdings rakende bepaalde onderwerpe te verkën, onduidelikhede in die data wat deur die vraelyste gegeneer is uit te klaar en riglyne vir die verbeterde benutting van afwending vir volwassenes te bekom.
- Gedurende September 2006 is daar toe ter plaatse persoonlike onderhoude met al 10 die respondente gevoer. Die onderhoude van gemiddeld 30 na 45 minute elk is op oudioband opgeneem en volledig getranskribeer.
- Die sesde stap het bestaan uit die indiepte analise van al die data wat deur die ondersoek opgelewer is en die formulering van die benodigde navorsingsverslae.

4.4 DIE RESPONDENTE

Die respondente is op ‘n gestratifiseerde, beskikbaarheidsgrondslag geselekteer (Strydom & Venter, 2002:197-209). Hierin is veral twee kriteria benut. Dit was naamlik die tipe pos wat die betrokke blee en die hof/dorp en gepaardgaande provinsie waarbinne hulle werksaam is.

Daar is besluit om een landdrost en al die beheeraanklaers in drie howe/dorpe by die ondersoek te betrek. Landdroste is gekies omdat hulle as kundiges beskou word en leierrolle in howe vertolk. Beheeraanklaers is geselekteer omdat dit deel van hulle posbeskrywing is om “*wenslikheid van vervolging*”-verslae vanaf proefbeamptes aan te vra. Saam sou die twee tipes rolspelers se sienings as verteenwoordigend van die Departement van Justisie op grondvlak beskou kon word. Die respondente het uiteindelik uit drie landdroste en sewe beheeraanklaers bestaan. Soos reeds vermeld, kon die drie dorpe waarin hulle gesetel was, as redelik verteenwoordigend van howe in sentraal Suid-Afrika beskou word.

4.5 DIE DATA-INSAMELINGSINSTRUMENTE EN VERWERKING

Die vraelys is in lyn met die doelstelling van die ondersoek ontwerp. Dit was spesifiek daarop gemik om op ‘n kwantitatiewe wyse die respondente se kennis, houdings/menings en gedrag te bepaal en het uit vier oorhoofse afdelings en Likert-tipe vrae bestaan. Die drie kerntemas is daar gedek, naamlik die respondente se siening van die doel van afwending en die “*wenslikheid van vervolging*”-verslag, die tipe volwasse oortreders waarvoor so ‘n verslag aangevra kan word en hul verwagtinge aangaande die inhoud van sodanige verslag.

Die onderhoudskedule het uit sewe afdelings en ‘n totaal van 17 kernvrae bestaan. Deurdat dit in wese ontwikkel is om onduidelikhede in die data wat deur die vraelyste gegeneer is uit te klaar, het dit dieselfde basiese temas van die vraelys gedek. Daar is egter bykomend ook van respondente verwag om aanbevelings rakende die verbetering van die tersaaklike dienste in Suid-Afrika te maak.

Deurdat daar slegs tien respondente was, kon al die data wat deur die vraelyste gegeneer is per hand verwerk word. Die transkripsies van die onderhoude is deur die navorser en ‘n navorsingsassistent geanaliseer. Hierin is daar per afdeling van die onderhoudskedule ‘n analise van die respondente se kern- en subresponse gemaak. Hierdie prosedure het dit moontlik gemaak om response te tipeer en te kategoriseer, tendense in ‘n respondent se reaksies te identifiseer en korrelasies tussen verskillende respondente se reaksies vas te stel.

Dit was laastens moontlik om al die data wat deur die literatuurstudie, die vraelys en onderhoude gegeneer is te trianguleer en daardeur tot bepaalde gevolgtrekkings te kom. Dit is ook as basis vir die formulering van riglyne vir die opstel en benutting van “*wenslikheid van vervolging*”-verslae gebruik.

5. BEVINDINGE

Die resultate wat deur die ondersoek opgelewer is, kan in vyf kategorieë ingedeel word. Dit raak naamlik die respondente se houdings jeens die afwending van volwassenes, hul siening van die doel

van so 'n stap, die kriteria wat in die seleksie van volwasse oortreders gebruik behoort te word, die verwagtinge rakende die inhoud van die verslag en, ten slotte, riglyne vir die formulering van sodanige verslae.

5.1 HOUDINGS JEENS DIE AFWENDING VAN VOLWASSENES

Die voltooide vraelyste het aangedui dat die oorgrote meerderheid respondente inherent positief teenoor afwending staan. Dit het geblyk uit die feit dat 90% van die respondente aangedui het dat hulle kantoor tussen een en 20 verslae per maand ten opsigte van jeugdige en 70% tussen een tot 10 verslae per maand ten opsigte van volwasse aanvra. Ook het 70% van die deelnemers gevoel dat afwending 'n werkbare opsie vir volwasse is, terwyl 90% bevestig het dat hulle meer van afwending vir volwasse gebruik sal maak indien daar programme in plek is om dit te akkommodeer.

Die bogenoemde voorlopige bevinding is met behulp van 'n kernvraag in die onderhoudskedule uitgeklaar. Die basiese response wat hierop verkry is, word in Tabel 1 weergegee.

TABEL 1: HOUDING JEENS DIE BENUTTING VAN 'WENSLIKHEID VAN VERVOLGING'-VERSLAE EN AFWENDING VIR VOLWASSENES

Kernvraag:

"Hoe voel u oor die algemeen oor die benutting van 'wenslikheid van vervolging'-verslae en afwending vir volwasse? Positief of negatief?"

Uittreksels uit die verbale response:

1. *"Soos jy seker reeds afgelei het, is ek vreeslik positief daaroor."* (Beheeraanklaer)
2. *"Ek is positief daaroor. Ek dink intendeel, as hierdie tipe verslae eintlik vir ons van die begin af beskikbaar gestel kan word op feitlik al ons sake, sal dit vir ons 'n beter persepsie gee oor wat die omstandighede van elke persoon is..."* (Beheeraanklaer)
3. *"..., ek is 'n voorstander daarvan."* (Beheeraanklaer)
4. *"Ek is positief daaroor. Ek is heeltemal daarvoor."* (Landdros)
5. *"Positive"/ "Baie positief"/ "Definitief positief"* (4 Beheeraanklaers)
6. *"Negatief"* (Landdros)
7. *"Dit is vir my moeilik om te sê omrede dat dit die Aanklaersafdeling is wat dit gebruik, want hulle moet besluit om vervolging in te stel"* (Landdros)

Die response soos in Tabel 1 vervat dui daarop dat net een respondent ('n landdros) negatief teenoor die afwending van volwassenes staan, terwyl 'n andere se respons as 'neutraal' beskryf kan word. Die landdros wat negatief teenoor die opsie was, het sy mening daarop geskoei dat volwassenes verantwoordelikheid 'vir hulle dade moet aanvaar'. Dit is opvallend dat al die beheeraanklaers en dus die persone wat uiteindelik die betrokke verslae moet aanvra, dit as 'n goeie opsie beskou.

5.2 DIE DOEL VAN DIE AFWENDING VIR VOLWASSENES

Afwending kan, aan die hand van tersaaklike Suid-Afrikaanse wetgewing en die sienings van onder andere Nieman (1998:16) en Badenhorst en Conradie (2004:115, omskryf word as die strafregtelike opsie waarin *prima facie* sake, in bepaalde omstandighede en met of sonder voorwaardes, weg van die strafregtelike sisteem gekanaliseer word. Die wetgewing maak geen onderskeid tussen die jeugdige en volwasse oortreder nie en dus behoort die doel van die afwending van die betrokke twee groepe wesentlik dieselfde te wees. Of die respondente dit wel so beskou, is in beide die vraelys (vgl. Tabel 2) en onderhoude (vgl. Tabel 3) uitgeklaar.

TABEL 2: DOEL VAN AFWENDING VIR VOLWASSENES: VRAELYS

Statement: <i>"The purpose of diversion for youth and adults are basically the same"</i>		<i>Strongly agree</i>	<i>Agree</i>	<i>Neutral</i>	<i>Disagree</i>	<i>Strongly disagree</i>
Response		2 (20%)	3 (30%)	1 (10%)	4 (40%)	0
Samestelling van respondente	<i>Beheeraanklaers</i>	2	2	0	3	0
	<i>Landdroste</i>	0	1	1	1	0

Tabel 2 toon aan dat die response op die vraelys 'n wye verspreiding van menings na vore gebring het en dat vyf respondente (50%) dit basies as soortgelyk beskou het, terwyl vier (40%) die teenoorgestelde mening gehuldig het. In die onderhoude is daar gevolglik 'n poging aangewend om hierdie anomalie op te klaar. Die response wat verkry is, word in Tabel 3 weergegee.

TABEL 3: DOEL VAN AFWENDING VIR VOLWASSENES: ONDERHOUDSKEDULE

Kernvraag:

”Sou u van mening wees dat afwending vir volwassenes dieselfde doel kan dien as vir jeugdiges of is daar dalk ’n verskil?”

Uittreksels uit die verbale response:

1. *“...nee, dit is maar basies dieselfde doel. Soos ek nou ook in die vorige vrae gesê het, deesdae het ons baie verskillende afwendingsprogramme wat vir elke spesifieke geval geld. Afhangende van die feite van die saak, kan ons ’n baie spesifieke programmetjie aanwend. So op die ou einde dink ek het dit nog steeds dieselfde doel. Die doel van om so ’n persoon, hetsy hy ’n jeugdige is of ’n volwassene, uit die strafsisteem uit af te wentel” (Beheeraanklaer).*
2. *“Nee, ek dink dit gaan tog maar oor rehabilitasie. Om nie deur die strafproses te gaan nie, maar eerder ’n ander paadjie te volg en dalk die persoon reg te help op ’n ander manier as ’n kriminele rekord. So vir my is dit maar basies dieselfde doel” (Landdros).*
3. *“Wel, dit sal verseker dieselfde tipe doel kan dien. Die groot behoefte op hierdie stadium staan op die basis dat daar alternatiewe gesoek word vir mense tronk toe stuur ten einde die stelsels en die werksaamhede van al die organisasies wat betrokke is by regspleging te verbeter” (Beheeraanklaer).*
4. *“Ja ek glo so, want hoe ons dit meet is aan die sukses ‘rate’, as ek Engels tussenin praat, of die sake weer terugkom of nie. En ek moet sê met die volwassenes het ek agtergekom baie min van daardie sake kom werklik terug hof toe” (Beheeraanklaer).*
5. *“Ek dink in ’n meerder mate kan dit dieselfde doel dien, want ek voel ’n volwassene het meer verantwoordelikhedsin as ’n kind. Met ander woorde hy sal beseef dat hy het meer probleme het – ja” (Landdros).*
6. *“I think they fulfil the same purpose. Because with adults: let us say there is case of domestic violence – you sometimes when reading the docket you realise ‘no’, there is not actually a problem, it is just that these people needs help” (Beheeraanklaer).*
7. *“Ek sou sê dit hang van geval tot geval af, die ernstigheid van die klag en so aan. Ek sou tog sê die doel is maar dieselfde. Hulle leer lewensvaardighede aan. Jy leer hulle maar basies hoe om die regte ding te doen” (Beheeraanklaer).*
8. *“Ja. Daar is sekere misdrywe wat - opgeskorte vonnisse help nie vir hulle nie. Hy het ’n opgeskorte vonnis maar – ek meen soos aanranding. Baie van hulle moet ’n kursus deurloop vir ‘anger management’. Want anders gaan hy terug huis toe en wat gebeur? Oor twee weke verloor hy weer sy humeur” (Beheeraanklaer).*
9. *“Ja, tog, want die mense deurloop programme wat hulle help om as beter mense die samelewing in te gaan” (Beheeraanklaer).*
10. *“Nee. Volwassenes behoort verantwoordelikheid te neem vir hulle dade. Hulle weet wat hulle doen is verkeerd as hulle hulle skuldig maak aan misdade” (Landdros).*

Uit 'n vergelyking van die inhoudelikes van tabelle 2 en 3 het dit eerstens geblyk dat, alhoewel 40% van die respondente aanvanklik die doel as verskillend beskou het, drie na nabetrugting ietwat van mening verander het. Derhalwe het 90% van die respondente dit uiteindelik as 'n geleentheid vir hetsy rehabilitasie, die vermyding van 'n kriminele rekord, 'n alternatief tot gevangenisstraf en of 'n geleentheid vir die neem van eie verantwoordelikheid beskou.

Dit wil egter voorkom asof daar wel 'n klemverskil in die hantering van die betrokke twee groepe behoort te bestaan. Dit is naamlik dat daar in die hantering van volwassenes baie meer klem op die uitlewing van hul verantwoordelikeheidsin geplaas moet word. Die een respondent het gemeenskapsdiens aanbeveel wat aansluit by die verantwoordelikheid wat geneem behoort te word.

5.3 KRITERIA VIR DIE SELEKSIE VAN VOLWASSE OORTREDERS

Al tien die respondente het in die vraelys aangedui dat daar geen spesifieke riglyne bestaan vir die volwasse oortreders wat vir afwending oorweeg kan word nie. Daar bestaan slegs breë riglyne in die *Beleidshandleiding* van die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging (1999:12). Vanuit internasionale bronne is gevind dat volwasse afwending 'n redelik nuwe tendens is en dat elke distrik sy eie riglyne daarstel vir die benutting van hierdie opsie deurdat min inligting daaroor bestaan (Nolo, 2005:5; Jenkins, 1995: 129 – 136; Johnson, 2004:1-6). Die Suid-Afrikaanse breë riglyne sluit onder andere in dat afwending nie geskik is vir ernstige misdade soos moord, roof met verswarende omstandighede of verkragting nie. Oortreders met vorige oortredings en diegene wat reeds tydens 'n vorige geleentheid deur afwending gegaan het, moet slegs in uitsonderlike gevalle weer oorweeg word. Verder word gekyk na of die oortreder oor 'n vaste woonadres beskik, verantwoordelikheid vir die misdryf aanvaar, bereidwillig is om deel te neem aan die program en, indien dit 'n jeugdige is, moet hy of sy tussen die ouderdom van 12 en 18 jaar wees met 'n ouer of voog wat bereid is om verantwoordelikheid vir die jeugdige te neem.

Die gebrek aan spesifieke riglyne het meegebring dat daar in beide die vraelys en onderhoude uitgebreide aandag aan die betrokke onderwerp geskenk is. In hierdie verband is daar gelet op beide die tipe individu wat vir moontlike seleksie oorweeg kan word en die tipe misdade wat in- en uitgesluit moes word.

Die vraelys het 'n lys van oortrederseienskappe bevat wat in die oorweging van afwending aandag kon geniet. Spasie is ook gelaat dat die respondente ander eienskappe kon invoeg. Hulle moes op 'n vyfpunt Likert-tipe skaal aandui of elke kriterium as belangrik of onbelangrik beskou moet word. Die resultate hiervan word in Tabel 4 opgesom.

TABEL 4: SELEKSIE-KRITERIA: TIPE INDIVIDU WAT OORWEEG KAN WORD

EIENSKAPPE	Baie belangrike kriterium	Belangrike kriterium	Neutraal	Onbelangrike kriterium	Geensins belangrik nie
1. Die oortreder moet moniteerbaar wees	8 (80%)	2 (20%)	-	-	-
2. Moet beskik oor 'n vaste woonadres	6 (60%)	4 (40%)	-	-	-
3. Moet 'n inkomste verdien	-	3 (30%)	2 (20%)	5 (50%)	-
4. Moet verantwoordelikheid vir die oortreding aanvaar	8 (80%)	2 (20%)	-	-	-
5. Daar moet 'n afwendingsprogram in plek wees vir die spesifieke oortreding	9 (90%)	1 (10%)	-	-	-
6. Die beskuldigde moet bereid wees om deel te neem aan die afwendingsprogram	8 (80%)	2 (20%)	-	-	-
7. Die oortreder moet bereid wees om hom/haar aan ander voorwaardes (bv. om skade te herstel) te onderwerp	8 (80%)	1 (10%)	1 (10%)	-	-
8. Die erns van die misdryf	8 (80%)	2 (20%)	-	-	-
9. Het die oortreder afhanklikes?	-	5 (50%)	4 (40%)	1 (10%)	-
10. Die moontlikheid dat die misdryf herhaal sal word	5 (50%)	5 (50%)	-	-	-

Die respondente het twee verdere kriteria tot die lys toegevoeg. Dit is naamlik dat die oortreder rou moet toon en oor 'n goeie prognose vir rehabilitasie moet beskik.

Tabel 4 toon aan dat ses eienskappe 'n 'telling' van 80%+ in die kategorie van 'n "Baie belangrike kriterium" opgelewer het en dus pertinente aandag in die seleksieproses behoort te geniet. Dit is naamlik:

- Daar moet 'n afwendingsprogram in plek wees vir die spesifieke oortreding (90%).
- Die oortreder moet moniteerbaar wees (80%).

- Moet verantwoordelikheid vir die oortreding aanvaar [en berou toon] (80%).
- Die beskuldigde moet bereid wees om deel te neem aan die afwendingsprogram (80%).
- Die oortreder moet bereid wees om hom/haar te onderwerp aan ander voorwaardes, byvoorbeeld die vervanging van skade berokken (80%).
- Die erns van die misdryf (80%).

Omdat bestaande riglyne net vaagweg daarna verwys dat afwending nie is vir ernstige misdade soos moord, roof met verswarende omstandighede of verkragting geskik is nie, wou daar in die ondersoek bepaal word watter spesifieke misdrywe in die oorweging van kandidate in- en uitgesluit moes word. Die respons op hierdie vraag word in Tabel 5 opgesom.

TABEL 5: SELEKSIE-KRITERIA: TIEP MISDRYWE WAT OORWEEG KAN WORD

TIEP MISDRYF	Sluit In	Onseker	Sluit Uit
1. Ontvoering	-	20%	80%
2. Alkoholverwant (bv. bestuur onder die invloed)	60%	20%	20%
3. Agterstallige onderhoud	50%	-	50%
4. Brandstigting	-	10%	90%
5. Aanranding	90%	10%	-
6. Gesinsgeweld	90%	-	10%
7. Dwelmverwant (bv. besit van dagga)	80%	10%	10%
8. Vuurwapens en ammunisie	-	10%	90%
9. Bedrog	30%	10%	60%
10. Huisbraak	10%	-	90%
11. Onsedelike aanranding	20%	20%	60%
12. Moord	10%	-	90%
13. Verkragting	10%	-	90%
14. Roof	10%	-	90%
15. Veediefstal	10%	-	90%
16. Diefstal	70%	20%	10%

Die respondente het aangetoon dat vyf ander oortredings ook by die positiewe oorweging van kandidate ingesluit moes word. Dit is *crimen injuria*, kinderverwaarloosing, kwaadwillige saakbeskadiging van eiendom, korrupsie en Artikel 14(b) van die Wet op Seksuele Misdrywe (Wet 23/1957). Laasgenoemde artikel handel oor ontug met 'n meisie onder die ouderdom van 16 jaar en 'n seun onder die ouderdom van 19 jaar. Verder is dit ook nuttig om aan te dui dat die Strafproseswet (Wet 51/1977) as hulpmiddel kan dien ten einde te bepaal of 'n misdryf ingesluit kan word, al dan nie.

Die data wat in Tabel 5 vervat is, is verwerk tot 'n lys van misdrywe wat in die seleksieproses in- en uitgesluit behoort te word (sien Tabel 6). Hierin is 'n afsnypunt van 60% as basis gebruik.

TABEL 6: 'N OPSOMMING VAN MISDRYWE WAT TYDENS SELEKSIE IN- EN UITGESLUIT BEHOORT TE WORD

MISDRYWE WAT VERAL INGESLUIT MOET WORD (60% EN MEER)	MISDRYWE WAT VERAL UITGESLUIT MOET WORD (60% EN MEER)
1. Aanranding	1. Ontvoering
2. Gesinsgeweld	2. Vuurwapens en ammunisie
3. Dwelmverwant (bv. besit van dagga)	3. Huisbraak
4. Alkoholverwant (bv. bestuur onder invloed)	4. Moord
4. Diefstal (van 'n kleiner omvang)	5. Verkragting
5. <i>Crimen injuria</i> (in 70% van die onderhoude is dit as 'n kriterium genoem)	6. Roof
	7. Veediefstal
	8. Onsedelike aandranding
	9. Bedrog

Die respondente se denke rondom die in- en uitsluiting van misdade is tydens die onderhoude verder verken. Dit het sterk na vore gekom dat veral sake waarin gesinsgeweld, *crimen injuria* en aanrandings 'n pertinente rol speel, geskik vir afwending is. Daar is ook gevoel dat meer ernstige sake en geweldsmisdade nie sommer verwys behoort te word nie. Ook het hulle negatief teenoor oortreders met verskeie vorige veroordelings gestaan. So het 70% van die respondente aangedui dat hulle nie 'n tweede oortreder en 80% nie 'n persoon met meer as twee oortredings sal oorweeg nie. Elkeen was dit egter eens dat alle sake op eie meriete oorweeg behoort te word.

Al die respondente het vermeld dat hulle riglyne vir die identifisering van moontlike volwasse kandidate vir afwending baie sou verwelkom.

5.4 MATE WAARTOE HUIDIGE VERSLAE AAN VERWAGTINGE VOLDOEN

Na die identifisering van potensiële kandidate word daar dikwels verslae vanaf proefbeamptes oor die wenslikheid van vervolging aangevra. Omdat hierdie verslae 'n sleutelrol in die totale proses speel, is daar in die ondersoek op twee fasette daarvan gefokus. Dit is naamlik die mate waartoe huidige verslae rakende volwasse oortreders aan verteenwoordigers van die Departement van Justisie se verwagtinge voldoen en die inhoud en struktuur wat die verslae behoort aan te neem.

Die vraelys het twee vrae bevat waarin respondente moes aandui tot watter mate bestaande "wenslikheid van vervolging"-verslae ten opsigte van onderskeidelik jeugdiges en volwassenes aan hul verwagtinge voldoen. Die response wat verkry is, word in Tabel 7 opgesom.

TABEL 7: DIE MATE WAARTOE HUIDIGE VERSLAE AAN VERWAGTINGE VOLDOEN: VRAELYS

VRAE	<i>Altyd</i>	<i>Meeste van die tyd</i>	<i>Soms</i>	<i>Nooit</i>	<i>Nog nooit aangevra</i>
1. Het die "wenslikheid van vervolging"-verslae ten opsigte van jeugdiges aan u verwagtinge voldoen?	-	8 (80%)	2 (20%)	-	-
2. Het die "wenslikheid van vervolging"-verslae ten opsigte van volwassenes aan u verwagtinge voldoen?	-	6 (60%)	1 (10%)	-	3 (30%)

Tabel 7 toon aan dat bestaande verslae redelik positief ontvang word en dat daar geen wesentlike verskil tussen die waarde van verslae vir jeugdiges en volwassenes bestaan nie. Dit was egter ook opvallend dat drie (30%) van die respondente nog nooit laasgenoemde tipe verslae ten opsigte van volwassenes aangevra het nie. Die totale aangeleentheid is tydens die onderhoude verder verken (sien Tabel 8).

TABEL 8: DIE MATE WAARTOE HUIDIGE VERSLAE AAN VERWAGTINGE VOLDOEN: ONDERHOUDE

Kernvraag:

"Sou u oor die algemeen meen dat die inhoud van die verslae aan u verwagtinge voldoen?"

Uittreksels uit die verbale response:

1. *"... op 'n stadium het ons nogal gesukkel met die kwaliteit van die verslae. Die inligting daarin was onvoldoende. Dit het nou – in 'n sekere mate... verbeter en die verslae is gewoonlik redelik... Dit is 99% bruikbaar en verskaf voldoende inligting" (Beheeraanklaer).*
2. *"Nee glad nie. Daardie verslae is baie gebrekkig. Dit is baie oorsigtelik en dit is heeltemal te eensydig geskryf. Ons kry nie regtig 'n totale persepsie oor die persone se geskiedenis nie. Familiebronne word nie geraadpleeg nie" (Beheeraanklaer).*
3. *"Ek sou sê ja, meeste van die gevalle. Ja" (Beheeraanklaer).*
4. *"Yes, they do"/ "Ja" (Twee beheeraanklaers).*
5. *"Dit hang af van die ondervinding van die personeel" (Beheeraanklaer).*
6. *"Die verslae wat aan ons voorsien word, is baie volledig. Maar dit is belangrik dat die maatskaplike werker moet weet wat verwag word. Ons maatskaplike werkers skryf tot verslae vir die Hooggeregshof, maar hulle is oorwerk, want daar is nie genoeg om die werk te doen nie" (Beheeraanklaer).*
7. *"Nee, die verslae is baie swak" (Landdros).*
8. *"Weet jy ek het laas daarmee gewerk toe ek aanklaer was, maar ek het redelik daarmee gewerk toe ek by die streekhof was. Op daardie stadium was dit nog 'n nuwe begrip, maar die inhoud van die verslae was dikwels baie oppervlakkig. Dit is meer 'n vraelys wat opgestel word, 'n pro-forma wat kortliks ingevul word en dit gee nie regtig vir jou die agtergrond van die persoon waarmee jy te doen het nie." (Landdros).*
9. *"...ek is tevrede met die terugvoer wat ek kry en die 'effort' wat hulle daarin sit en die aanbevelings wat hulle maak" (Landdros).*

Die 30% respondente wat aangedui het dat hulle nog nooit sulke verslae ten opsigte van volwassenes aangevra het nie, kon hierdie vraag in terme van jeugdiges beantwoord. Die onderhoude het 'n baie wisselende respons na vore gebring. Die meerderheid van die respondente was redelik tevrede met die verslae en het meestal, ten spyte van sommige gebreke, groot waarde daaruit geput. Ander het die verslae botweg as swak beoordeel. Uit die konteks van die onderhoude het dit geblyk dat die rede vir hierdie teenstrydigheid gesetel is in wie die verslae opgestel het. Dit het geblyk dat sommige proefbeamptes (ten spyte van 'n groot werklading) hulle goed van hul taak kwyt, terwyl ander nie so suksesvol is nie.

Die respondente is tydens die onderhoud ook versoek om die moontlike redes vir onbevredigende verslae weer te gee en aanbevelings vir die verbetering van verslaggewing voor te stel. Dit het die volgende ses response opgelewer:

- maatskaplike werkers en proefbeamptes moet spesifiek opleiding rakende die skryf van die verslae ontvang
- indien formele afwendingsprogramme vir volwassenes in plek is, kan aanbevelings gemaak word wat benutbaar is
- 'n gebrek aan tyd en 'n tekort aan proefbeamptes het 'n negatiewe invloed op die daarstelling van kwaliteit-verslae
- 'n tekort aan hulpbronne - soos vervoer, telefone en rekenaars - veroorsaak dat die verslae nie altyd voorsien kan word nie, of dat die kwaliteit van die verslag swak is
- die verslae moet oor 'n sterk psigo-sosiale komponent beskik en
- kommunikasie tussen rolspelers en koördinering van dienste kan baie probleme uitskakel.

5.5 DIE VOORGESTELDE STRUKTUUR EN INHOUD VAN VERSLAE

In 'n vorige ondersoek onder maatskaplike werkers het Steyn (2001:2) gevind dat die respondente onseker was oor wat die hofverslae behoort te behels en dat hulle duideliker riglyne vir die uitvoering van die assessering en die skryf van die verslae verlang. In hierdie ondersoek is daar op die 'verbruikers' van die betrokke verslae se belewing van hul inhoud en waarde gefokus. Hulle het aangetoon dat die verslae soms onvolledig is, dat die ondersoeke oppervlakkig uitgevoer word en dat die verslae inligting bevat wat nie vir die aanklaers/landdroste van waarde is nie. Dit was dus duidelik dat die betrokke saak twee kante het en dat 'n weg gevind moes word om duideliker riglyne vir die struktuur en inhoud van verslae daar te stel.

Daar kon bykans geen bron gevind oor die vereistes waaraan 'n "wenslikheid van vervolgings"-verslag vir volwassenes moet voldoen nie. Die enigste bron wat wel enkele indikatore bevat het, was Collopy *et al.* (2001:79-81) se publikasie "*Handy Hints for Prosecutors*". Dit is as basis gebruik om 'n lys van die onderwerpe op te stel wat in 'n "wenslikheid van vervolging"-verslag gedek kon word. In die vraelys moes die respondente op 'n vyfpunt Likert-tipe skaal wat van "*Strongly agree*" tot "*Strongly disagree*" gestrek het, aandui tot watter mate 'n gegewe onderwerp gedek moes word. In die interpretasie is 70% as basiese afsnypunt gebruik. Derhalwe is die onderwerpe wat 'n 70% en groter 'punt' in die "*Strongly agree*"-afdeling behaal het as noodsaaklik gesien, is dié wat oorwegend in die "*Agree*"-kategorie geval het as belangrik beskou en is dié wat neutrale of negatiewe respons opgelewer het as 'bykomende inligting' getipeer. Die resultate van hierdie proses word in Tabel 9 opgesom.

TABEL 9: 'N GRADERING VAN DIE INLIGTING WAT IN DIE VERSLAG INGESLUIT KAN WORD

NOODSAAKLIKE INLIGTING	BELANGRIKE INLIGTING	BYKOMENDE INLIGTING
1. Persoonlike inligting	1. Behuising en omgewing	1. Religieuse faktore
2. Agtergrond van oortreder	2. Huwelikslewe en interpersoonlike verhoudings	2. Stokperdjies en ander aktiwiteite
3. Vorige veroordelings	3. Opleiding en skolastiese onderrig	
4. Houding teenoor die misdryf	4. Sielkundige en fisiese aspekte	
5. Mate waarin die oortreder verantwoordelikheid vir die pleging van die misdryf neem	5. Werksgeskiedenis en finansies	
6. Die impak op die slagoffer of skade aan eiendom	6. Redes vir pleging van die misdryf	
7. Die moontlikheid dat die misdryf herhaal kan word	7. Ander faktore wat die misdryf kan regverdig	
8. Evaluasie	8. Of die oortreder 'n deelnemer of inisieerder was	
9. Aanbeveling		

Die respondente is ook die geleentheid gebied om ander spesifieke onderwerpe wat hulle in verslae verlang, tot die lys toe te voeg. Dit het die volgende verwagtinge na vore gebring:

- inligting oor die agtergrond van die slagoffer en die impak wat die misdryf op hom/haar/hulle uitoefen het
- die alternatiewe opsies wat uitgeoefen kan word vir indien afwending nie slaag nie,
- die moontlike alternatiewe opsies in gevalle waar saak te “dun” (swak) is vir vervolging en
- die beskikbaarheid van 'n toepaslike afwendingsprogram vir die oortreder.

Die gebrek aan geskikte afwendingsprogramme in sommige sentra kan as 'n ernstige leemte in die huidige stelsel beskou word. Die gedagte is geopper dat die programme wat reeds binne korrektiewe dienste benut word (bv. herstellende reg en mediasie), in sodanige gevalle as 'n basis gebruik word.

Gesamentlik dui die response daarop dat die landdroste/beheeraanklaers veral in die oortreder as mens in wisselwerking met die misdaad belangstel en ook wil weet watter impak die misdaad op die

slagoffer gehad het. Bykomend word daar 'n weldeurdagte aanbeveling verwag wat al die fasette van afwending in ag neem.

6. BEVINDINGE EN RIGLYNE

Daar sal vervolgens op die belangrikste bevindinge van die ondersoek gelet word. Hierin sal daar van beide die inligting wat in hierdie artikel vervat en die ander data wat deur die navorsing opgelewer is gebruik gemaak word om die leemtes in die afwending van volwasse oortreders te spesifiseer en riglyne vir hul toekomstige hantering voor te stel.

Die ondersoek het verskeie leemtes is die huidige hantering van die afwending van volwassenes aan die lig gebring. Dit sluit veral die volgende in:

- alhoewel beheeraanklaers meer op hoogte van sake is, blyk dit dat min staatsaanklaers bewus is van die feit dat “wenslikheid van vervolging”-verslae, benewens vir jeugdiges, ook ten opsigte van volwassenes aangevra kan word
- daar bestaan tans nie in alle sentra programme wat in die afwending vir volwassenes aangewend kan word nie
- daar is tans te min proefbeamptes om die huidige werklading te hanteer en gevolglik word daar meer op jeugdiges gefokus
- die tekort aan proefbeamptes veroorsaak dat daar soms te min tyd beskikbaar is om indiepte aandag aan die ondersoeke en verslae te skenk en dat laasgenoemde gevolglik dikwels oppervlakkig is
- sommige nuwe proefbeamptes dra nie genoegsame kennis van die vereistes waaraan die verslae moet voldoen nie en dit gee aanleiding tot verslae wat onbruikbaar vir die hof is
- 'n gebrek aan genoegsame hulpbronne dra ook by tot onbevredigende ondersoeke en verslae
- daar bestaan 'n groot behoefte aan die afwending vir volwassenes, maar om in hierdie behoefte te kan voorsien sal beide die Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling en Justisie bepaaldestruktureel-funksionele veranderinge moet ondergaan. Dit sluit in die voorsiening van meer proefbeamptes aan howe, die uitklaring van die verwagtinge rakende die afwending van volwassenes op beleidsvlak en die belyning van die prosedure en verwagtinge rakende die inhoud en voorsiening van verslae.

Beide die literatuur- en empiriese studie het aangetoon dat die doel van afwending van jeugdige en volwassenes wesenlik dieselfde is en dat die oorgrote meerderheid van die gekose landdroste en beheeraanklaers baie positief teenoor laasgenoemde opsie staan. Die vraag wat gevolglik beantwoord moet word, is hoe daar gesorg kan word dat toepaslike oortreders geselekteer en

benutbare verslae oor hulle aan die hof voorsien word. Die riglyne wat in hierdie verband uit die ondersoek na vore gekom het, sal vervolgens slegs op 'n baie bondige wyse weergegee word:

- Daar moet in die seleksieproses gefokus word op volwasse oortreders wat:
 - Moniteerbaar is.
 - Oor 'n goeie prognose vir rehabilitasie beskik.
 - Verantwoordelikheid vir die oortreding aanvaar en berou toon.
 - Bereid is om aan die afwendingsprogram deel te neem en hom/haarself ook aan nader voorwaardes te onderwerp.
 - Nie 'n te ernstige oortreding gepleeg het nie en nie 'n oortreder is met verskeie vorige veroordelings nie.
- Die tipe misdade wat veral in die seleksieproses in aanmerking geneem moet word, is:
 - aanranding,
 - gesinsgeweld,
 - dwelmverwante oortredings (*bv. besit van dagga*),
 - alkoholverwante oortredings (*bv. bestuur onder die invloed*),
 - diefstal (*van 'n minder ernstige aard*) en
 - *crimen injuria*.
- Ten einde die hof se behoeftes te bevredig, moet die proefbeampte se “wenslikheid van vervolging”-verslag ten minste die volgende onderwerpe deeglik dek:
 - Die oortreder se persoonlike besonderhede.
 - Agtergrond.
 - Vorige veroordelings.
 - Houding teenoor die misdryf.
 - Mate waarin verantwoordelikheid vir die pleging van die misdryf geneem word.
 - Die skade aan die slagoffer of eiendom.
 - Die moontlikheid dat die misdryf herhaal kan word.
 - 'n Evaluasie/assessering (van onder andere die oortreder as individu, die mate waartoe hy/sy aan die oogmerke van afwysing voldoen en die mate waartoe hy/sy rehabilitatiewe waarde uit die proses sal kan put).
 - 'n Aanbeveling(s) (wat insluit die toewysing aan 'n geskikte afwendingsprogram en die alternatiewe opsies wat uitgeoefen kan word indien afwending nie slaag nie).

Met bogenoemde inaggenome is dit belangrik om te onthou dat elke geval as uniek beskou behoort te word en dat die oogmerke van straf wat vergelding, voorkoming en hervorming insluit, hierby behoort aan te sluit. Die ondersoek het aangetoon dat hierdie werkswyse potensiaal toon wat tot op hede onderbenut is.

7. SLOTOPMERKINGS

Die ondersoek het duidelik uitgewys dat die gebruik van “wenslikheid van vervolging”-verslae vir die afwending van volwassenes ‘n diens met groot inherente potensiaal is. Dit sal die druk op die strafregstelsel en veral die reeds oorvol gevangenis help verlig deur minder ernstige oortredings op ‘n konstruktiewe en rehabilitatiewe wyse te hanteer. Dit sal die oortreder dus in die gemeenskap kan toerus om tot voordeel van hom/haarself en die gemeenskap te funksioneer.

BIBLIOGRAFIE

- BADENHORST, C. & CONRADIE, H. 2004. Diversion: The present position and proposed future provisions. *Acta Criminologica*. 17(2):115-130.
- COLLOPY, A., DAFFUE, B., KRIGE, R., MATZKE, E., PICKETT, G., SIBEKO, P., PHOSHOKO, Y., MULEA, P. 2001. *Handy Hints for Prosecutors*. Pretoria: National Director of Public Prosecutors. 330p.
- JENKINS, L.A. 1995. Pre-trial diversion strategies for drug involved offenders: focus on social work involvement. *Journal of Offender Rehabilitation*, 22(3/4), 129-140p.
- JOHNSON, D. 2004. *Tempe Social Services: diversion services*. [Web:] <http://www.tempe.gov/socialservices/socialdiversion.htm>. [Datum van gebruik: 5/4/2005].
- NASIONALE VERVOLGINGSGESAG VAN SUID- AFRIKA *sien* NVG
NATIONAL PROSECUTION AUTHORITY OF SOUTH AFRICA *sien* NPA
- NIEMAN, A. 1998. *A therapeutic programme for parents of youth offenders*. Johannesburg: Universiteit van Suid-Afrika. (Verhandeling – Meestersgraad in Onderwys). 154p.
- NOLO. 2005. *Sentencing alternatives: from incarceration to diversion*. [Web:] <http://www.nolo.com/article.cfm/ObjectID/FF6855E8-383B-441D-86FBBA60CE6BE864/ca>. [Datum van gebruik: 5/4/2005].
- NPA (National Prosecution Authority of South Africa). 1999. *Policy Manual*. Pretoria: National Director of Public Prosecutors. 47p.
- NVG (Nasionale Vervolgingsgesag van Suid-Afrika). 1999. *Beleidsriglyne*. Pretoria: Nasionale Vervolgingsgesag van Suid-Afrika. 47p.
- SA *sien* SUID-AFRIKA.

- STEYN, F. 2001. *Impediments in the management of young offenders in the Free State. Article 40.*
[Web:] <http://www.communitylawcentre.org.za/children/2001art40/vol3no1young.php>
[Datum van gebruik: 5/4/2005].
- STRYDOM, H. & VENTER, L., 2002. Sampling and sampling methods. (In De Vos, A. S., ed. *Research at grass roots.* Van Schaik Publishers. P.197 – 209.
- SUID-AFRIKA. 1957. *Wet op Seksuele Midrywe. no. 23 van 1957.* Pretoria: Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1977. *Strafproseswet, no. 51 van 1977.* Pretoria: Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1991. *Wet op Proefdienste, no. 116 van 1991.* Pretoria: Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1998. *Wet op Nasionale Vervolgingsgesag, no. 32 van 1998.* Pretoria: Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 2002. *Wysigingswet op Proefdienste, no. 35 van 2002.* Pretoria: Staatsdrukker.
- TERBLANCHE. 1999. *The guide to sentencing in South Africa.* Suid-Afrika: Butterworth Publishers (Pty) Ltd. 352 p
- WETTE *sien* SUID-AFRIKA.
- WOOD, C. 2003. *Diversion in South Africa: A review of policy and practice, 1990 – 2003.* [Web:] <http://www.iss.co.za/pubs/papers/79/Paper79.html> [Datum van gebruik: 17/03/2005].

AFDELING 3: GEVOLGTREKKINGS, RIGLYNE EN AANBEVELINGS

1. INLEIDING

Sedert ongeveer 1996 het daar 'n ongekende toename in afwending van jeugdiges plaasgevind. Die oorsprong daarvan was dat elke gearresterde jeugdige deur 'n proefbeampte geassesseer moes word. Hierdie assessering sou dan onder andere insluit die oorweging van afwending. Vanweë die suksesse wat in hierdie verband behaal is, het sommige landdroskantore afwending van volwassenes begin oorweeg. Hierdie verwysings van volwasse oortreders het verwarring onder proefbeamptes tot gevolg gehad wat slegs kennis gedra het van afwending vir jeugdiges. Gevolglik is verslae aan die hof voorsien wat nie altyd aan hul verwagtinge voldoen het nie.

Die oorhoofse doel van die ondersoek was om die aard van en verwagtinge rakende die "*wenslikheid van vervolging*"-verslae vir volwasse oortreders te bepaal. Die ondersoek het veral gefokus op die besondere doel van afwending van volwassenes, die kriteria wat vir die aanvra van die afwendingverwante "*wenslikheid van vervolging*"-verslae behoort te geld en die verwagtinge wat sleutelrolspelers by die Departement van Justisie van die inhoud van die verslae koester. Die laaste doelwit was, om aan die hand van die voorafgaande, riglyne vir die opstel van sodanige verslae te formuleer. Die aanname waarop die hele ondersoek gerus het, was dat daar onduidelikheid of onsekerheid oor die afwending van volwasse oortreders en die gepaardgaande "*wenslikheid van vervolging*"-verslae bestaan.

Van die resultate wat met die bereiking van die gegewe doelstelling en doelwitte behaal is, is reeds in die voorafgaande artikel vervat (sien Afdeling 2). Alhoewel dié artikel verskeie spesifieke gevolgtrekkings en riglyne bevat, is dit nodig om vervolgens op 'n meer oorhoofse en geïntegreerde wyse op die betrokke aangeleenthede te let. In hierdie verband sal die belangrikste gevolgtrekkings en gepaardgaande riglyne verdeel word volgens die vier doelwitte van die ondersoek. Daar sal ook op gevolgtrekkings rakende die navorsingsontwerp en -prosedure, sowel as bevindinge rakende die hele ondersoek gelet word.

2. GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE NAVORSINGSONTWERP EN -PROSEDURE

Uit die resultate wat behaal is, was dit duidelik dat die gebruik van posvraelyste opgevolg deur persoonlike onderhoude die mees toepaslike prosedure vir die onderhawige tipe ondersoek was. Die posvraelyste het kwantitatiewe data geproduseer wat as basis vir die opstelling van die onderhoudskedule gebruik kon word. In laasgenoemde kon daar gefokus word op die bevestiging/weerlegging van die afleidings wat uit die posvraelyste gemaak is en kon inherente teenstrydighede en vaaghede verder uitgeklaar word. Die kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe data gekoppel aan die resultate van die literatuur-analise, kon 'n duidelik beeld skep van die terrein wat verken is.

Daar is op grond van 'n gestratifiseerde beskikbaarheidsteekproef twee tipes hof funksionaries gekies om aan die navorsing deel te neem. Dit was naamlik die landdroste wat as kundiges beskou word en die beheeraanklaers wat daaglik die betrokke tipe verslae moet analiseer, interpreteer en wat veral verantwoordelik vir die aanvra van die verslae is. Hulle kan dus as spesialiste op die gebied van die benutting van die betrokke tipe hulpmiddel beskou word. Een landdros en al die beheeraanklaers van die gekose howe/dorpe is benut. Deur drie dorpe/landdroskantore in Sentraal Suid-Afrika te teiken, kon 'n redelik verteenwoordigende resultaat verkry word deurdat hierdie drie dorpe dan ook drie provinsies verteenwoordig, naamlik Gauteng, Noordwes en die Vrystaat.

3. GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE DOEL VAN AFWENDING VIR VOLWASSENES

Dit het aanvanklik vanuit die vraelys se data geblyk dat sommige van die respondente van mening was dat daar wel 'n verskil tussen die doel van die afwending van jeugdige teenoor volwassenes was. Hierdie aangeleentheid is toe in die onderhoude verder verken. Hiertydens het dit geblyk dat die oorgrote meerderheid wel die oorhoofse doel as dieselfde beskou, maar dat daar klemverskille in die beoogde uitkomst met die hantering van die twee groepe persone behoort te bestaan. In die hantering van volwassenes moet daar baie meer klem op die uitlewing van hul verantwoordelikeheidsin geplaas word, terwyl dit vir beide groepe die geleentheid vir hetsy rehabilitasie, die vermyding van 'n kriminele rekord en of 'n alternatief tot gevangenisstraf skep. Die siening dat die doel met die afwending van die twee groepe wesenlik dieselfde is, word deur die literatuur bevestig.

Die empiriese studie het verder aangetoon en dat die oorgrote meerderheid van die gekose landdroste en beheeraanklaers baie positief teenoor die opsie staan, alhoewel sommiges onbewus daarvan was dat dit ook vir volwassenes gebruik kon word. Die gevoel is ook uitgespreek dat die betrokke opsie baie beter onder regslui "bemark" moet word. 'n Aanbeveling is ook deur een van die respondente

gemaak dat hierdie opsie met gemeenskapsdiens gekombineer kan word. Die gemeenskap raak dan ook betrokke by die oortreder terwyl die konsep van “straf” nie verlore gaan nie.

4. GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE KRITERIA VIR DIE AANVRA VAN DIE “WENSLIKHEID VAN VERVOLGING” -VERSLAE VIR VOLWASSENES

Al die respondente het in die vraelys aangedui dat daar slegs breë riglyne en geen spesifieke vereistes bestaan vir die volwasse oortreders wat vir afwending oorweeg kan word nie. Die beheeraanklaers maak gevolglik tans net van hul eie diskresie gebruik om te bepaal watter volwasse kandidate wel verwys kan word vir afwending al dan nie, alvorens die oortreders verwys word na die proefbeampte vir ‘n assessering.

Die tersaaklik breë riglyne behels onder andere dat afwending nie vir ernstige misdade soos moord, roof met verswarende omstandighede of verkragting geskik is nie. Ook moet oortreders met vorige oortredinge en diegene wat reeds tydens ‘n vorige geleentheid deur afwending gegaan het, slegs in uitsonderlike gevalle weer oorweeg word. Daar word ook verwag dat potensiële kandidate oor ‘n vaste woonadres moet beskik, verantwoordelikheid vir die misdryf aanvaar en bereidwillig sal wees om aan ‘n afwendingsprogram deel te neem.

Die gebrek aan spesifieke riglyne/vereistes het meegebring dat daar in beide die vraelys en onderhoude uitgebreide aandag aan die betrokke onderwerp geskenk is. In hierdie verband is daar, aan die hand van die breë riglyn, gelet op beide die spesifieke tipe individu wat vir moontlike seleksie oorweeg kan word en die tipe misdade wat in- en uitgesluit behoort te word.

Die ses eienskappe wat elk as “‘n Baie belangrike kriterium” beskou is en volgens die respondente pertinente aandag in die seleksieproses moet geniet, was die volgende:

- Die beskuldigde moet moniteerbaar wees.
- Hy/sy moet verantwoordelikheid vir die oortreding aanvaar en berou toon.
- Die beskuldigde moet bereid wees om aan ‘n afwendingsprogram deel te neem.
- Daar moet ‘n afwendingsprogram in plek wees vir die spesifieke tipe oortreding.
- Die beskuldigde moet ook bereid wees om hom/haar te onderwerp aan ander voorwaardes, byvoorbeeld deur skade te vergoed.
- Die erns van sy/haar misdryf moet in ag geneem word.

Rakende die ernstigheidsgraad van die oortreding verwys bestaande riglyne net vaagweg daarna dat afwending nie geskik is vir ernstige misdade soos moord, roof met verswarende omstandighede of verkragting nie. Daar moes derhalwe in die ondersoek bepaal word of die respondente met hierdie kategorieë saamstem en ook of daar ander spesifieke misdrywe is wat uit- en ingesluit behoort te

word. Die volgende 10 misdrywe is deur die respondente geïdentifiseer as misdrywe wat uitgesluit behoort te word:

- ontvoering,
- brandstigting,
- vuurwapens en ammunisie,
- huisbraak,
- moord,
- verkragting,
- roof,
- veediefstal,
- onsedelike aanranding en
- bedrog.

Aldus die respondente behoort beskuldigdes wat die volgende 10 oortredings begaan het, wel positiewe oorweging te geniet:

- aanranding,
- gesinsgeweld,
- dwelmverwante oortredings (byvoorbeeld die besit van dagga),
- alkoholverwante oortredings (byvoorbeeld bestuur onder die invloed van alkohol),
- diefstal,
- *crimen injuria*,
- kinderverwaarlosing,
- kwaadwillige saakbeskadiging van eiendom,
- korrupsie en
- Artikel 14(b) van die Wet op Seksuele Misdrywe (Wet 23/1957).

Die respondente se denke rondom die in- en uitsluiting van misdade is tydens die onderhoude goed verken. Dit het sterk na vore gekom dat veral sake waarin gesinsgeweld, *crimen injuria* en aanrandings 'n pertinente rol speel, geskik behoort te wees vir afwending. Daar is ook gevoel dat meer ernstige sake en veral geweldsmisdade nie sommer verwys behoort te word nie. Ook het hulle negatief teenoor oortreders met vorige veroordelings gestaan. So het die meerderheid respondente aangedui dat hulle nie 'n tweede oortreder of 'n persoon met meer as twee oortredings sal oorweeg nie. Elkeen was dit egter eens dat, niesteenstaande die tipe oortreding of die aard van die oortreding, alle sake op eie meriete oorweeg behoort te word.

Al die respondente het vermeld dat hulle meer spesifieke riglyne vir die identifisering van moontlike volwasse kandidate vir afwending baie sou verwelkom.

5. GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE VERWAGTINGE VAN DIE INHOUD VAN DIE “WENSLIKHEID VAN VERVOLGING”-VERSLAG

Na die identifisering van potensiële kandidate word daar gewoonlik verslae vanaf proefbeamptes oor die wenslikheid van vervolging aangevra. Omdat hierdie verslae ‘n sleutelrol in die hantering van die sake speel, is daar op twee fasette van die verslaggewende werk gefokus. Dit was, aan die een kant, die mate waartoe verslae rakende volwasse oortreders *tans* aan die Departement van Justisie se verwagtinge voldoen en aan die ander kant wat die inhoud en struktuur van die verslae behoort te wees ten einde hulle meer funksioneel/effektief te maak.

Die vraelys het aangetoon dat die bestaande verslae redelik positief ontvang word en dat daar geen wesentlike verskil tussen die waarde van verslae vir jeugdige en volwassenes bestaan nie. Dit was egter opmerklik dat ‘n klein hoeveelheid van die respondente nog nooit hierdie tipe verslae ten opsigte van volwassenes aangevra het nie. Die totale aangeleentheid is tydens die onderhoude verder verken en het ‘n wisselende respons tot gevolg gehad.

Die meerderheid van die respondente was redelik tevrede met die verslae en het meestal, ten spyte van sommige leemtes, groot waarde daaruit geput. Ander het die verslae as swak beoordeel. Van die besware wat geopper is, was dat die ondersoek oppervlakkig uitgevoer word en dat die verslae inligting bevat wat nie vir die aanklaers/landdroste van waarde is nie. Dit het uit die onderhoude geblyk dat die rede vir hierdie teenstrydigheid gesetel is in die proefbeamptes wat die verslae opgestel het. Dit het geblyk dat sommige proefbeamptes hulle goed van hul taak kwyt, terwyl ander minder suksesvol is. Die respondente is daaropvolgend versoek om die moontlike redes vir onbevredigende verslae weer te gee en aanbevelings vir die verbetering daarvan voor te stel. Dit het die volgende ses response opgelewer:

- Maatskaplike werkers en proefbeamptes moet spesifiek opleiding rakende die skryf van dié tipe verslae ontvang.
- Indien formele afwendingsprogramme vir volwassenes in plek is, kan aanbevelings gemaak word wat benutbaar is.
